´n Hermeneutiese besinning oor die relevansie van die legitimasie-verklaring van die NG Kerk vir kontekstuele spreke oor God

Deoné Esté Loots

Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister Divinitatis aan die Universiteit van Stellenbosch

Promotor: Johan H. Cilliers

Desember 2007

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van ’n graad voorgelê het nie.

Handtekening: _____

Datum: _____

Kopiereg © 2007 Universiteit van Stellenbosch
Alle regte voorbehou

Abstract

This assignment takes a look at the relevance of the declaration signed on the day of legitimation by future pastors of the *Ned. Geref. Kerk.* It is evaluated according to its use for pastors as a guide for speaking about God contextually and in unity. A hermeneutical approach is used in which the *NGK's* three confessions of unity, the Reformed confessional tradition and the history of the *NGK* aid in testing the relevance of this declaration. The initial role of the signing of confessions as a deed that creates *unity and identity* helps to show how the current declaration fails to continue with this role. It is therefore necessary that the *NGK* reconsiders their use and wording of the declaration. The conclusion includes a proposal for an alternative declaration which focuses on responsible hermeneutics rather than the content of teachings.

Opsomming

Hierdie werkstuk kyk na die relevansie van die legitimasie-verklaring binne die NG kerk van vandag vir kontekstuele spreke oor God. In die lig van 'n hermeneutiese besinning wat kyk na die Drie Formuliere van Eenheid, die Gereformeerde Belydenistradisie en die geskiedenis van die NG Kerk word die relevansie van die legitimasie-verklaring vir vandag getoets. Dit is veral die oorspronklike rol van ondertekening van belydenisskrifte as 'n *eenheids- en identiteitsvormende* aksie wat help om aan te toon dat die huidige verklaring nie meer hierdie doel in die kerk dien nie. Daarom is dit nodig dat die NG Kerk die gebruik en bewoording van hierdie verklaring weer onder oë moet neem. 'n Voorstel van 'n alternatiewe verklaring word gemaak wat fokus op verantwoordelike hermeneutiek eerder as leerinhoud.

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1: Inleiding **1**

A)	Probleemstelling	1
B)	Hipotese	2
C)	Doel van die studie	3
D)	Kernkonsepte	3
E)	Vooronderstellings	5
F)	Metodologie	5
G)	Navorsingsontwerp en struktuur	6

Hoofstuk 2: ´n Historiese plasing van die belydenisskrifte en die ontstaan van die legitimasie-verklaring **7**

A)	Die Nederlandse geloofsbelydenis	8
B)	Heidelberg Kategismus	11
C)	Die Dordtse Leerreëls	13
D)	Die Belhar Belydenis	16
E)	Die ontstaan van die legitimasie-verklaring	19
F)	Slot	20

Hoofstuk 3: ´n Bespreking van die NG kerk se hantering van die legitimasie-verklaring binne ´n raamwerk van gereformeerde belydenisverstaan **21**

A)	Legitimasie-verklaring	21
B)	Die NG Kerk se siening oor die “leer” waarna daar verwys word in die legitimasie-verklaring	22
C)	´n Gereformeerde belydenisverstaan	26
D)	Slot	28

Hoofstuk 4: Die NG Kerk in SA **30**

A) Die geskiedenis van die kerk 30
B) Samevatting 35

Hoofstuk 5: Hipotese toetsing en Slot **37**

Bibliografie **41**
Bronne Geraadpleeg **45**
Addendum A **49**
Addendum B **51**

Hoofstuk 1: Inleiding

A) Probleemstelling

<u>´n Hermeneutiese besinning oor die relevansie van die legitimasie-verklaring van die NG Kerk vir kontekstuele spreke oor God</u>

Die NG Kerk se teologiestudente onderteken die *Plegtige Legitimasie-verklaring van die Nederduitse Gereformeerde Kerk* teen die einde van hulle ses jaar studietydperk voordat hulle gelegitimeer word vir die bediening. Hierdie verklaring vra vir ´n getrouheid aan die verkondiging van die *leer van die kerk* soos wat dit voorkom in die Drie Algemene Belydenisse[1] en die Drie Formuliere van Eenheid.[2] *Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk* praat op verskeie plekke oor die implikasies van hierdie binding op predikante. Sinodale gesprekke word ook van tyd tot tyd gevoer oor die aard van die binding aan die belydenisskrifte – dit was weer die geval by die mees onlangse sitting van die Algemene Sinode.

My probleemstelling problematiseer die relevansie van hierdie legitimasie-verklaring. Die ideaal is dat die ondertekening van hierdie verklaring vir predikante op ´n manier saambind tot ´n eenheid in terme van leer en lewe[3]. Die implikasie is dus dat so ´n ondertekening vir ´n predikant ´n vorm van begrensing bied. As ´n mens maar net die omvang van leringe en sienings in die NG Kerk waarneem word die vraag opgeroep of hierdie "begrensing" steeds herkenbaar is. Funksioneer die binding deur die legitimasie-verklaring nog as iets wat vir predikante as basis en vertrekpunt kan dien in hulle spreke oor God?

[1] My studie sluit nie die drie algemene belydenisse in nie. Ek sluit nie hierdie belydenisse in nie omdat hulle (veral Nicea) die belydenisse is wat ons bind aan die Ekumene en ´n ondersoek daaroor is ´n veel groter ondersoek om aan te pak. Ek fokus dus op die drie formuliere van eenheid en die Belhar-belydenis (kyk onder vir my motivering vir die insluiting hiervan).
[2] Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus, Dordtse Leerreëls
[3] Hierdie stelling spruit uit my navorsing en sal mettertyd meer bronne-ondersteuning geniet.

B) Hipotese

Die aard van die binding van die legitimasie-verklaring binne die NG Kerk roep hermeneutiese vrae na vore, veral vanuit die perspektiewe van die "publieke ruimtes"[4] waarbinne predikante opgelei word en in die bediening staan. Hierdie hermeneutiese vrae noodsaak ´n dringende herbesinning oor die aard en implikasies van die legitimasie-verklaring.

Nie eers die legitimasie-verklaring kan gelees word sonder ´n verantwoordelike hermeneutiek nie. *Is* dit egter ´n dokument wat moeilik moet wees om te interpreteer? Is dit nie juis ´n dokument wat redelik voor die hand liggend moet wees in wat dit van predikante vra wanneer hulle die bediening betree nie? Die wisselwerkinge tussen vakrigtings, Godsdienste, kultuurgroepe en so meer bring vir die hermeneut (by implikasie is elke predikant tog ook ´n hermeneut) ´n wêreld na vore wat al hoe meer kompleks word; maar ook ´n wêreld wat al hoe meer hulpmiddels tot goeie hermeneutiek vir Skrif en belydenisskrifte aanbied.

Die letterlike lees van die legitimasie-verklaring roep ´n rigiede verstaan van die binding aan die belydenisskrifte op. Deur die jare het veral sinodale bydraes egter seker gemaak dat hierdie binding ´n gekwalifiseerde binding word. Hierdie kwalifikasies van die binding vergroot die speelveld van interpretasie vir predikante (interpretasie van al drie: die legitimasie-verklaring, die belydenisskrifte, en die Skrif). Dit is in elk geval my waarneming. As dit wel die geval is sou ´n mens kon vra of die legitimasie-verklaring nog die doel dien waarvoor dit daar gestel is; dien dit nog *´n* doel en wat sou daardie doel wees?

In die toetsing van my hipotese fokus ek op drie vrae wat die legitimasie-verklaring na vore bring: 1) Wat is die doel van die legitimasie-verklaring? 2) Respekteer die legitimasie-verklaring ´n gereformeerde belydenisverstaan? 3) Help die legitimasie-verklaring vandag nog vir predikante om ´n mate van eenheid onder hulle te bring in terme van hulle spreke oor God?

[4] Sien *Konteks* by *Kernkonsepte* op bl. 3.

C) Doel van die studie

Die doel van hierdie studie is om ´n hermeneutiese ondersoek oor die relevansie van die legitimasie-verklaring te doen. Dit impliseer dat ek nie ´n baie gefokusde ondersoek sal doen nie, maar eerder ´n geïnterpreteerde skets van die realiteite - en dit wat daaragter lê - sal aanbied[5]. My hoop is dat dit ten minste by die leser ´n waardering vir die toenemende kompleksiteit van ons realiteit sal aanmoedig. Deur hierdie ondersoek wil ek aantoon hoe belangrik dit is om binne ´n kerk ´n basisvertrekpunt daar te stel wat as verantwoordelike eenheidsvormer binne ´n komplekse wêreld kan dien (´n rol wat die legitimasie-verklaring sou kon speel).

D) Kernkonsepte

i) Spreke oor God

Spreke oor God is geloofsuitsprake; hetsy belydenisse, preke of gesprekke oor God. Ek evalueer "spreke oor God" deurgaans na gelang van die spreuk se konteksgetrouheid (wat ´n verantwoordbare hermeneutiek impliseer).

ii) Konteks

Wanneer ek konteks in hierdie studie gebruik verwys ek na veral die drie bekende publieke van David Tracy, naamlik Akademie, Samelewing en Tradisie (in hierdie geval: die gereformeerde tradisie) (Tracy, 1981:3-46).-[6]

[5] "The hermeneutical approach does not usually provide a "sharp" picture of the religious reality, but it provides a drawing of the history and the background of churches and church members, and it gives insight into people's values and norms." (Dingemans, 1996:89)

[6] My lys van *Bronne Geraadpleeg* (bl. 45) bevat veral leesstof wat my gehelp het om hierdie drie publieke in die Suid-Afrika van vandag beter te verstaan. Dit het vir my gehelp om konteks nie net as 'n "idee" te gebruik nie, maar as 'n realiteit met vele fasette. As 'n mens enigsins hermeneuties wil dink beteken dit dat daar so volledig as moontlik kennis geneem moet word van die inhoud van *konteks.*

iii) Konteksgetroue spreke oor God

Ek gebruik die idee dat "spreke oor God" konteksgetrou moet wees. Hiermee vra ek nie dat spreke oor God relativisties van aard moet wees nie, maar eerder dat verantwoordelike hermeneutiek toegepas word voordat mense praat of skryf oor God. Verantwoordelike hermeneutiek impliseer dat die nuutste akademiese bydraes, die samelewingswerklikheid en die geloofstradisie almal bydraes lewer tot hoe daar oor God gepraat word; en dat dit ook in ´n kritiese houding tot mekaar staan. Brümmer bespreek ´n paar kriteria wat by elk van die drie publieke sfere hoort – hierdie kriteria kan dien as ´n toets vir konteksgetroue spreke oor God.

Die kriteria wat Brümmer vir die drie publieke aanbied is die volgende: Binne die akademie is daar die kriteria van konsekwentheid en koherensie[7], en geloofwaardigheid[8]; binne die samelewing is dit relevansie[9], genoegsaamheid[10], en verstaanbaarheid[11]; binne die kerk is daar die kriteria van kontinuïteit[12]. Oorkoepelend word die kriteria van integriteit[13] gestel.[14]

[7] Enige voorstel van ´n teoloog se kant af moet aan die algemene reëls van logika voldoen, dit sluit egter nie paradokse uit nie. Verder moet argumente verstaanbare gehele vorm (2006:527-528).

[8] Enige aansprake van die geloof se kant af moet in samewerking wees met bekende en voor die hand liggende waarhede binne die wetenskap, historiese bevindinge en morele oriëntasies van die dag (2006:528-529).

[9] Die klem wat ons uitdrukking van die geloof dra moet relevant wees vir die uitdagings wat die tyd en dag aan ons stel (2006:529-530).

[10] Teologie moet kreatief wees sodat die relevansie daarvan op maniere oorgedra word waarin mense sal insien dat dit iets het om te bied vir hulle daaglikse lewens (2006:530).

[11] Verstaanbaarheid kyk na die kultuur en verstaanskategorieë van mense en praat binne daardie ruimte oor God en betekenis (2006:531).

[12] Daar moet deurlopend ´n kontinuïteit wees met die voorgeslagte en Bybelse teks sodat mense kan weet dat hulle nog besig is met dieselfde geloof (2006:531); daarom is ons besig met her*interpretasie* en nie her-*skepping* nie.

[13] Geloofwaardigheid, relevansie, genoegsaamheid en verstaanbaarheid vra vir ´n teoloog om innoverend en kreatief te wees - konsekwent te wees; koherensie en kontinuïteit stel grense aan hierdie proses. Uiteindelik is die aanvaarding van enige teologiese voorstel ´n eksistensiële aanvaarding; wanneer aan al die kriteria voldoen is is daar nog steeds "iets" wat nodig is vir ´n mens om dit met integriteit te kan aanvaar. Dit is hier waar Brümmer "openbaring" inbring – as die "iets" wat oortuig (2006:531-532). Dit is die samewerking van hierdie kriteria wat enige uitspraak of aanspraak evalueerbaar maak aan die hand van intersubjektiewe kriteria, apart van mekaar is meeste van hulle persoon-relatief, of situasie-relatief (2006:532-534 en 1992:22-27).

E) Vooronderstellings

i) Belhar is binnekort deel van die NG kerk se belydenisskrifte

Ek werk met die vooronderstelling dat Belhar binnekort deel van die NG Kerk se belydenisskrifte sal wees op dieselfde wyse as wat die drie formuliere is, en ek hanteer dit as sulks.

Huidiglik het afgestudeerde studente van die NGK die keuse om al vier die belydenisskrifte te onderteken (soos dit ook gebeur het by die legitimasie-geleentheid van Stellenbosch se studente in 2006) en is die verstandhouding dat die Belydenis van Belhar in die nuwe verenigde kerk (NGK, VGK, NGKA, RCA) as ´n belydenis van die kerk opgeneem sal word (kyk NG Kerk Web en die Kerkorde 2004a:112).

F) Metodologie

My metodologie bestaan uit vier fases:

Die historiese agtergronde van die onderskeie belydenisskrifte, asook die legitimasie-verklaring, behoort vir ons die belang van ondertekening van belydenisskrifte te verlig. Daarom begin ek deur kortliks daarna te kyk in die hoop dat dit my sal help om te verstaan hoekom die ondertekening van belydenisskrifte as ´n gebruik in die gereformeerde tradisie gevestig is; en hoe belydenisskrifte as konteksgeskrifte verstaan en gebruik is. Dit vorm dus die eerste fase.

Die gereformeerde verstaan van belydenisskrifte behoort vir ons die daad van ondertekening, asook die aard van belydenis binne ´n gereformeerde perspektief en raamwerk te plaas; dit behoort ons te help om te verstaan hoe ons ondertekening mag en nie mag verstaan nie – indien ons getrou wil wees aan die gereformeerde tradisie. Daarom soek ek in ´n tweede fase na ´n gereformeerde belydenisverstaan en toets ek ook die kerk se verstaan van ondertekening hieraan.

In ´n derde fase vertel ek die verhaal van die NG Kerk in SA. Die geskiedenis dien as ´n agtergrond tot die prent van die hede. In hierdie prent soek ek na hoe die legitimasie-verklaring ´n rol speel, en indien dit een speel, na wat daardie rol is.

In die laaste fase beweeg ek terug na my hipotese en die gepaardgaande vrae wat ek vroeër in die hoofstuk gestel het. Ek argumenteer dan hoe ek dink oor my hipotese *na* die inligting van die voorafgaande stappe. Ek maak ook ´n voorstel vir hoe die legitimasie-verklaring dalk in die toekoms gebruik sou kon word.

G) Navorsingsontwerp en struktuur

Hierdie navorsingswerk is in vyf hoofstukke verdeel waarvan hierdie die eerste is.

Hoofstuk twee bespreek die ontstaan en konteks-relevansie van die belydenisskrifte, en die legitimasie-verklaring.
Hoofstuk drie bespreek die hantering van die legitimasie-verklaring in die NG Kerk vandag en toets dit aan ´n gereformeerde belydenisverstaan.
Hoofstuk vier is die skets van die NG Kerk in SA, beide histories en in die hede.
Hoofstuk vyf is die hipotese toetsing en slot.

Hoofstuk 2: ´n Historiese plasing van die belydenisskrifte en die ontstaan van die legitimasie-verklaring

In hierdie hoofstuk kyk ek vlugtig na die vier belydenisskrifte se plasing, die redes vir hulle ontstaan en na hulle inhoud. Ek gaan nie in te veel detail oor elkeen verval nie, maar wil graag my interpretasie van die waarde van elkeen vir die tyd waarin dit ontstaan het uitlig. Die doel is om die historiese gesitueerdheid van die belydenisskrifte te beklemtoon asook die belang wat elke geskrif vir sy konteks gehad het. Hierdie hoofstuk sal hopelik ook die belang van onderskrywing van belydenisskrifte toelig.

Ek sal telkens ´n paar opmerkings oor elke belydenisskrif maak aan die hand van die drie publieke met hulle onderskeie kriteria soos deur Brümmer bespreek (sien hfst. 1).

Ter inleiding wil ek graag die paar punte uitlig wat Guthrie noem oor die belang van belydenisskrifte vir die kerk (1994:22-24):

1) Belydenisse en belydenisskrifte was altyd gegrond in konkrete historiese situasies waar teoloë teen (of binne) belangrike realiteite te staan gekom (hulleself bevind) het.

2) Dit is ´n vorm van aanbidding, waarin jou hele lewe tot jou belydenis gebind word.

3) Dit is bedoel om as ´n hulpmiddel te dien tot die regte lees van die Skrif.

4) Dit is gewoonlik polemies van aard en dien as die verdediging van die evangelie wanneer dit bedreig word deur een of ander leer binne of buite die kerk.

5) Die groot belydenisse en belydenisskrifte behoort aan die kerk en is daar om die geloof van ´n gemeenskap uit te druk.

6) Dit word gebruik in die onderrig van Christene, veral vir nuwe gelowiges.

7) By die sewende punt noem hy die grense van belydenisse en belydenisskrifte: Die taal en denkvorme; en die sosiale- en morele werklikhede van die dag veroorsaak dat die belydenisse en belydenisskrifte ook dele van die waarheid wat in Christus openbaar is verwring het. Belydenisskrifte het dit ook al vir die kerk moeilik gemaak om aspekte van Christus onverwronge raak te sien. Belydenisskrifte het al skeuring in die kerk te weeg gebring.

Soos wat ek voortgaan sal ´n mens die “raakheid” van bg. stellings waarneem, en sal ek ook plek-plek terugverwys na enkeles.

A) Die Nederlandse geloofsbelydenis[15] (NGB)

Historiese agtergrond

Die NGB het ontstaan in die tyd van die reformasie in Nederland (dié area sluit vandag se Nederland, België en Frankryk in).

Hierdie lande was van 1515 af onder die heerskappy van Charles V van Spanje wat ook ses jaar later keiser van die Romeinse ryk geword het. Hy was self ´n getroue Rooms-Katoliek. Hy het dit as doelwit gehad om alle "kettery" uit te wis en sy mense onder een kerk te verenig. Dit was Charles wat die inkwisisie begin het so ´n paar jaar (1522) na die begin van die reformasie in Wittenberg (1517). Charles is dood in 1555 en is opgevolg deur sy seun, Philip II wat nog meer fanaties as sy pa was. Philip se suster, Margeret van Parma, is aangestel om in Nederland sy verteenwoordiger te wees. Teen daardie tyd is daar al baie ondersteuning in Nederland vir Calvyn se leerstellinge.

Guido de Bres (die outeur van die NGB) was een van die grootste leiers van die Calvinistiese reformasie in Nederland. Die vervolging van die "ketters" (dit het natuurlik vir De Bres en die Calviniste ingesluit) het stelselmatig meer intens geraak. Die Spanjaarde het die Calviniste beskou as "ekstremiste", nes die Anabaptiste. Om hierdie misverstand te probeer regstel skryf De Bres die NGB; daarin wou hy aantoon dat daar geen kettery in die Calvinistiese leringe was nie.

In 1561 was daar ´n aand waarin ´n klomp gereformeerdes in Tournai in die openbaar Psalms gesing het (´n verbode daad) - teen De Bres se raad in. Margaret het hiervan te hore gekom en die vervolging in Tournai het toegeneem. De Bres moes vlug en het op die aand van 1 November 1561 die NGB, saam met ´n brief wat gerig is aan die magistraat, oor die kasteel se muur gaan gooi. Dit het egter nie ´n verskil gemaak nie en De Bres is in 1567 gevange geneem en gehang (De Jong, 1980:17-26).

[15] Vir meer detail sien De Jong, (1980:15-54).

Die Inhoud

Die belydenis sê niks teen Rome nie, maar verwerp hier en daar leringe van die Anabaptiste. Die doel was nie om die vyandigheid wat Rome alreeds teenoor die Calviniste gehad het te versterk nie, maar om aan te toon dat die Calviniste in akkoord met die Skrif was (De Jong 1980:36-39).

Die belydenis is omtrent dadelik positief ontvang deur die gereformeerdes en in 1563, by Armentieres, is daar besluit dat die belydenis deur alle ouderlinge en diakens onderteken moet word. In 1566 is daar by die sinode van Antwerp besluit dat die sinodale sessie geopen sal word deur die lees van die belydenis as ´n teken van die eenheid in die ware geloof en om agter te kom of die taal daarin nie dalk verbeter kon word nie. Daar is inderdaad ook ´n paar wysigings aangebring. Die Hollandse kerke het eers by die Sinode van Wezel deel geraak van sinodale besprekings. By hierdie sinode is daar besluit dat elke predikant wat gelegitimeer wou wees in die gereformeerde kerke eers in die openbaar moes bely dat hy saamstem met die belydenis; en in 1571 by Emden is alle afgevaardigdes se handtekeninge op ´n kopie van die belydenisse gevra.

Die Skrifverwysings in die belydenis het eers later gekom, maar is ook nie behou toe die belydenis eers offisieel en in sy finale vorm aanvaar is nie. In 1618-1619 se sinode by Dordt is hierdie belydenis saam met die ander twee as offisiële belydenisskrifte van die gereformeerde kerke aangeneem en is die formule van ondertekening natuurlik ook opgestel (De Jong, 1980:43-45).

´n Paar opmerkings

Hierdie belydenisskrif het veral gepraat teen die anabaptiste wat op daardie stadium nie samehorigheid onder mekaar gehad het nie; wat die Bybel op ´n baie letterlike wyse hanteer het; en wat as gevolg van hulle “innerlike geloof” (met visioene en openbarings wat daarmee saamgaan) baie ekstremisties oorgekom het. Die belydenisskrif verdedig die leerstellings van die Calviniste as leerstellinge wat in verhouding is met die Skrif.

Die doel van die skryf van hierdie belydenisskrif was dus om polemies te skrywe binne die denkkader van die heersende regering. ´n Regering wat haarself gebind het aan die Roomse leer, en dus op ´n akademiese, intellektuele wyse gerusgestel moes word oor die leer van die Calviniste. So is *die akademiese publiek* deur die belydenis erken.

Daar is ook die *publiek van samelewing* wat erken word – dit is juis die konvensies van die dag wat ´n beoordeling oor die Anabaptiste gevel het dat hulle ekstremiste was. Die NGB wil daarom aantoon dat ekstremisme nie by die Calviniste gevind word nie.

Kontinuïteit met tradisie word ook gerespekteer, tog net gedeeltelik. Daar word ´n beroep op Skriftrou gedoen, maar nie op kontuïniteit met die Roomse leer nie.

Guido de Bres het dus in sy belydenisskrif op ´n konteksgetroue wyse geskryf oor God. ´n Mens kan verstaan hoekom dit so belangrik was dat lidmate op daardie stadium so ´n belydenisskrif moes aanvaar/onderteken. Op hierdie wyse het mense hulleself doelbewus van die Anabaptiste gedistansieer in ´n tyd waar hulle lewens daarvan afgehang het dat hulle nie as ketters aangesien moes word nie; tog het hulle ook daarmee erken dat hulle nie op dieselfde manier kon bly glo oor God as wat die Rooms-Katolieke kerk geglo het nie. Aanvaarding van hierdie geloofsbelydenis was ´n reële waagstap, dit was nie ´n belydenis in abstraksie nie. Dit was ´n belydenis wat mense tot ´n nuwe geloofseenheid gevorm het, en hulle wat bely het het geweet wat die inhoud van hulle belydenis was.

B) Heidelberg Kategismus (HK)[16]

Historiese agtergrond

Anders as baie ander belydenisskrifte het die HK ontstaan vir en in die lewe van die kerk. Op 15 November 1563 het Keurvors Frederick III van die Palts ´n kerkorde vir sy land bekend gestel en die HK is deel van hierdie kerkorde (dit staan tussen die formules vir die doop en die nagmaal). Die nood hiervoor het ontstaan as gevolg van die verskillende reformatoriese bewegings wat ontstaan het. Hierdie was die tyd van die kontrareformasie en die verskeie reformatoriese bewegings het nie almal in geloofsoortuiginge ooreengekom nie. Spesifieke geloofs-identiteite moes dus vasgestel word.

Hierdie kategismus is opgestel met die doel 1) om as onderrig vir die kinders te dien; 2) om te help met die onderrig wat predikante en onderwysers vir ander gee; 3) om in openbare aanbidding gebruik te word; 4) om in 52 Sondae verdeel te word sodat basiese temas vir elke Sondag daardeur aangebied kon word (Barth, 1964:22-24).

Dit is veral twee teoloë wat die grootste bydraes tot die skryf van hierdie kategismus gemaak het (Prof. Casper Olevianus en Prof. Zacharias Ursinus). Die Belydenisskrif is grotendeels deur die Lutherane verwerp en verskil ook van hulle kategismus in die verstaan van die nagmaal. Die HK plaas die wet *na* die sakramente i.p.v. voor dit (wat beteken dat die wet gegroepeer word onder "dankbaarheid" by die reformatore en nie by die mens se sondigheid soos by die Lutherane nie) (Ottati, 2006:34-35).

Die inhoud

Die HK is ´n belydenisskrif wat op ´n besondere wyse ons begrip van genade en verlossing uiteensit, ons begrip van "behoort" aan God en hoekom ons God nodig het. Die tweede vraag en antwoord[17] van die HK dui vir ons die drieledige struktuur van die kategisme aan: die mens se sonde en ellende; die

[16] Vir meer detail sien Thompson (1963:8-30).

[17] **Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?**Antwoord: Drie dinge (a): Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is (b); ten tweede; hoe ek van al my sonde en ellende verlos word (c) en ten derde hoe ek God vir so ´n verlossing dankbaar moet wees (d).

mens se verlossing en; die mens se lewe van dankbaarheid as gevolg van die verlossing. Binne hierdie struktuur word 1) die Apostoliese geloofsbelydenis, 2) die doop en nagmaal, 3) die tien gebooie en die Onse Vader gebruik om vorm aan die inhoud te gee.

´n Paar opmerkings

Die feit dat hierdie belydenisskrif deur die gemeenskap waarvoor dit bestem is opgeneem was, beteken dat dit moes voldoen aan die *samelewingskriteria* van relevansie, genoegsaamheid en verstaanbaarheid. Die HK is nie in soveel gesprek met akademie, soos wat die vorige belydenisskrif dalk was nie. Hoewel die opstel daarvan deur twee teoloë geskied het en daarom waarskynlik ook vanuit die akademies-teologiese kringe beoordeel is. Ons vind die kontinuïteit met tradisie in die gebruik van die Apostoliese geloofsbelydenis, die doop en nagmaal, die tien gebooie en die Onse Vader binne die kategismus.

Hierdie belydenisskrif was bedoel om die lewe van die kerk te beïnvloed en om vir mense te help met die lees en die verstaan van die Skrif as ´n boek wat die evangelie van genade bring. Daarom dat ´n mens ook die, vir ons dalk klein, verskille vind tussen hierdie belydenisskrif en ander. Die HK is spesifiek daarop gerig om nie deur die voorstelling van die wet of die sakramente of enigiets anders die feit te misken dat verlossing net deur genade tot ´n mens kom nie. Die hele struktuur van die HK ondersteun hierdie een sentrale punt; dit is in die identiteitsvormende funksie (in onderskeiding van ander gereformeerde bewegings) van die HK wat hierdie belydenisskrif sy betekenis vind.

Vir ons, in die 21ste eeu, wat nie begryp hoe die verskillende strominge in die kontra-reformasie gedink het nie, gaan die belang van hierdie belydenisskrif ook tot ´n groot mate verlore as ons nie moeite doen om uit te vind hoe dit vir die eerste lesers en belyers beteken het nie. Dit was ´n Belydenis van absolute genade en hoe mense binne hierdie genade kon leef.

C) Die Dordtse Leerreëls (DL)[18]

Historiese agtergrond

In die laaste deel van die 16de eeu het Nederland vryheid van Spanje verower en word die gereformeerde godsdiens die heersende een. Daar was twee groeperinge binne die gereformeerdheid, naamlik die Calviniste (die meerderheid van die gewone bevolking het hulleself hier bevind) en die Libertyne (onder wie meeste van die adel gegroepeer was).

Die Calviniste het streng gehou by die "suiwer leer" soos dit in die belydenisskrifte te vind was, hulle het beskerming van die owerheid verwag en vryheid ten opsigte van die staat. Die Libertyne het hierteenoor ´n vryheid ten opsigte van leer gesteun en het ´n gebondenheid tussen kerk en owerheid gesoek. Omdat ´n meerderheid van die adel by die libertyne gegroepeer was het hulle dit reggekry om nasionale sinodes te verhoed - daar is gevrees dat sinodes op leerdwang sou besluit. Daarmee saam het die staat ook seker gemaak dat daar predikante beroep word wat ´n vrysinnigheid ten opsigte van die leer gehandhaaf het. Onder ´n paar invloedrykes het daar mettertyd ´n weiering teen die ondertekening van die Belydenisskrifte ingetree.

Die stryd wat die Dordtse leerreëls tot gevolg gehad het het eers plaasgevind nadat Arminius (´n professor wat die leer verkondig het waarteen daar bely word in die Dordtse leerreëls) oorlede is. Die stryd is dus deur sy volgelinge gevoer, hulle het bekend geword as die Remonstrante (na aanleiding van ´n verweerskrif wat die *Remonstratie*[19] genoem is en ´n uiteensetting van hulle leer bevat het - 1610). ´n *Contra-remonstrantie* is in 1611 deur die gereformeerdes opgestel.

Dit is eers in 1618 wat Prins Maurits (´n gereformeerde) uiteindelik toegestaan het dat ´n nasionale sinode mag byeenkom om hierdie verskille te bespreek - gereformeerdes uit ander lande was ook daar teenwoordig. Dit is hier waar die Dordtse Leerreëls opgestel en aanvaar is, en hierop volg dan ook ´n afdanking, en selfs vervolging, van omtrent 200 predikante wat nie hierdie leer aanvaar het nie (Jonker, 1994:123-126).

[18] Vir meer detail sien Jonker (1994:123-150).
[19] Sien die Remonstrante se web: 2005.

Die inhoud

Die Leerreëls is verdeel in vyf dele in antwoord op vyf leerstellings van die Remonstrante (Jonker, 1994:133):

1. Teenoor die leer dat uitverkorenes weer verlore kan gaan, bely Dordt in die hoofstuk oor *Die Goddelike uitverkiesing en verwerping* die sekerheid wat lê in God se genade vir dié wat Hy uitverkies het.
2. Teenoor die leer dat die mens se geloof ´n daad van verdienste is, bely Dordt in die hoofstuk *Die dood van Christus en die verlossing van die mense deur sy dood* dat dit net deur Christus se dood en opstanding is wat verlossing bewerk word.
3. Teenoor die leer dat die mens nie totaal verdorwe is nie en daarom in staat is om te glo (wel met God se hulp), bely Dordt in die hoofstuk *Die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind* dat mense wel totaal verdorwe is en daarom net deur bekering by God kan kom.
4. Teenoor die leer dat die mense God se meewerkende genade kan weerstaan, bely Dordt in bg. hoofstuk dat geloof ´n onweerstaanbare genadegawe is wat God gee, hoewel die verwerping daarvan die mens se keuse is.
5. Teenoor die leer dat die mens se volharding ´n voorwaarde vir uitverkiesing is, bely Dordt in die hoofstuk *Die volharding van die heiliges* dat volharding ´n gawe van God is.

´n Paar opmerkings

Hierdie is ´n belydenisskrif wat interne verskille polemies hanteer. Ek dink nie een van die belydenisskrifte (of enige poging van ´n mens om oor God te praat) sal ooit volledig aan al drie die publieke se eise daarop voldoen nie; al stel die poging dit as doel vir ditself. Dit is egter by hierdie belydenisskrif wat ek die meeste vrae het oor of dit noodwendig ´n verantwoordelike en konteksgetroue "spreke oor God" was. Dalk was tradisie se inset op hierdie punt groter as wat dit moes wees.[20]

[20] By die ander twee belydenisskrifte is dit vir my redelik duidelik dat mense binne ´n nuwe lees van Skrif verstaan het dat die geloofstradisie van die dag nie getrou is aan God en Skrif nie. Met die kennis tot hulle beskikking het hulle opnuut bely en nuwe geloofsidentiteite vasgestel. Dordt staan binne dieselfde tradisie. Tog wil dit vir my voorkom of die mens hier vir God begin intree en eerder beweeg vanuit ´n idee oor God wat by mense posgevat het, as vanuit ´n getroue lees van die Skrif. Ek het nog nie genoeg opgelees om my vermoede te staaf nie, maar maak tog die terloopse aanmerking om my bedenkinge oor Dordt weer te gee. Ek skaar my daarmee glad nie by die posisie van die Remonstrante nie (of geheel en al teen Dordt nie), maar dink ook nie dat die Remonstrante in alles wat hulle bely het afgewyk het van die Skrif nie.

Die doel van die Dordtse Leerreëls is om God se uitverkiesing as ´n genadige werk uiteen te sit, en dít op ´n baie direkte wyse teenoor ander leerstellings wat in die omtrek was te stel. Dit verdedig ook God se rol in die uitverkiesing van die mens.

Al het ek bedenkinge oor of die mees verantwoordelike hermeneutiek van die dag met die opstel van hierdie belydenis toegepas is, bly dit van hierdie belydenisskrif waar dat dit definitief nie sonder begrip vir die konteks gelees sou kon word nie. Hierdie belydenisskrif het die kerk "beskerm" teen leervryheid en ´n spesifieke verstaan van die uitverkiesing ondersteun.

D) Die Belhar Belydenis

Historiese agtergrond

Die oorsprong van die Belhar Belydenis is ten nouste verbind met die apartheidsbeleid in Suid-Afrika. In die kerkbode van 22 September 1948 is die apartheidsbeleid ook ´n kerkbeleid genoem. In 1950 het Mnr. J Abrahamse ´n brief as verteenwoordiger van 116 kerklidmate in 27 gemeentes gestuur waarin apartheid as onchristelik bestempel is. Nie die NGK of die NGSK het die inhoud van hierdie brief ondersteun nie.

In 1974 ontwikkel die NG kerk ´n teologie van rasseskeiding deur "opnuut te luister" na wat die Woord daaroor te sê het; hiervoor word die storie van Babel ter ondersteuning gebruik. In 1978 is daar ´n versoek van die UWK-teologiese studente aan die NGSK om te kyk na die posisie van die kerk oor apartheid. Hulle standpunt was dat dit teenoor die evangelie van Christus gestaan het (Prof. Durand het ´n leidende rol in hierdie proses gespeel). Die NGSK-sinode het hierna gekyk en die posisie van die studente ondersteun (so is die weg vir verdere nadenke in gemeentes ook geopen). Hulle het ook die sending-beleid van die NGK verwerp. Die besluit van die sinode was om te werk vir die hereniging van die familie van NG kerke en dít in ´n strukturele vorm.

In 1982 is daar ´n vergadering van die WARK in Ottawa met Allan Boesak as voorsitter van die vergadering. Die situasie van apartheid is bespreek en ´n situasie van *status confessionis*[21] is verklaar. Die politieke beleid van apartheid is as ´n sonde en kettery benoem (dit was as *pseudo-evangelie* aangebied en het miljoene mense geraak deur hulle in ´n proses van ontmensliking vas te vang (Durand, 1984:42-43)), en die twee kerke (NHK en NGK) wat apartheid ondersteun het se lidmaatskap aan die WARK is opgeskort totdat hulle afstand doen van hulle ondersteuning van apartheid.

In dieselfde jaar vind die algemene sinode van die NGSK plaas en daar word die konsepbelydenis van Belhar opgestel. Die belydenis is later aanvaar, in 1986, en ondergaan intussen net een verandering (´n invoeging van ´n frase).

[21] Smit skryf daarvan as ´n situasie waarin daar vir kerke/Christene "´n oomblik van waarheid aangebreek het waarin niks minder nie as die evangelie self, hul mees basiese belydenis aangaande die Christelike evangelie, op die spel staan, sodat hulle verplig voel om daarteenoor te getuig en te handel." (1984:22).

In 1994 vind vereniging tussen die NGSK en die NGKA plaas en beide hierdie liggame neem Belhar as kerkbelydenis aan. Die nuwe herenigde liggaam staan van toe af bekend as die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika - juis om die hoop op verdere vereniging in hulle naam te dra. In 1997 sluit die EGKA ook by hulle aan (vanuit Namibië).
In 1998 aanvaar die NGK die inhoud van die belydenis, en in 2002 word voorsiening gemaak vir die aanvaarding van die belydenis as ´n belydenis van die nuwe kerk op ´n manier dat dit nie op lidmate geforseer word nie (al die bg. uit Adonis, 2006:234-238; Botman, 2006:240;242).

Na jare se misverstand oor Belhar, verstaan die NG Kerk in 2006 dat die VG Kerk nooit verwag het dat alle lede van die NG Kerk Belhar moes onderteken voordat hulle oor eenheid sou praat nie. Voorheen was daar so ´n misverstand. Belhar sal steeds ´n belydenisskrif van die herenigde kerk wees, maar alle lidmate hoef dit nie dadelik te onderteken nie en daar is ´n openheid vir die stap van ´n pastorale pad met lidmate (Kerkweb, 2006).

Die inhoud

Die inhoud van die Belhar-belydenis is opgedeel in vyf. Die eerste van hierdie dele is ´n belydenis in die drie-enige God; die tweede praat oor die *eenheid* van die kerk in Christus; die derde bely wat geglo word oor versoening; die vierde handel oor geregtigheid; en die vyfde hanteer die geloof as absolute gehoorsaamheid aan God (Botman, 2006:244).

Veral die vierde gedeelte rig ´n sterk appèl op Christene om te wees waar God is, en dit is by die armes, noodlydendes en verontregtes.

´n Paar opmerkings

Die groot rol wat die akademie gespeel het (met name teologiese studente en ander akademici wat betrokke was by die opstel van die belydenisskrif onder sinodale opdrag) toon aan dat dit juis in *akademiese omgang* met die Skrif was dat mense tot die oortuiging gekom het dat daar teen apartheid bely moet word. Die belydenisskrif doen dit op so ´n manier dat apartheid nie by die naam genoem word nie - daar word wel bely in teenstelling met die teologie wat binne apartheidsteologie gevind word.

Die konteks word nie net verreken nie, maar dit is *die samelewing* wat in hierdie geval uitgedaag word om te verander, en ook *die tradisie/leer* van die kerk op daardie stadium. Tog word daar steeds ´n beroep gedoen op ´n tradisie - wyer as dit wat op daardie stadium binne die NG kerk herken is – veral word daar ´n beroep op die Skrif gedoen (die *sola Scriptura* van die gereformeerde tradisie).

Belhar is ´n dokument wat nog baie aktueel is, histories nader aan ons as die ander belydenisskrifte. Dit daag ons kerk tot eenheid uit en vra ook dat ons dink oor wat belydenisskrifte is en hoe hulle binne die kerk behoort te funksioneer. Dit wys vir ons hoe die ondertekening van ´n belydenisskrif nodig is om die lewe van die kerk as ´n Gods-getroue instansie te bevorder. Ondertekening is nou vir die eerste keer in ´n lang tyd weer aktueel, met Belhar wat as ´n eenheidsdokument, en Belydenisskrif, deur NG lidmate onderteken kan word. Vir baie in die kerk is dit makliker om die tradisie-geskrifte te onderteken, as hierdie een wat naby aan hulle is en hulle lewens *nou* uitdaag.

E) Die ontstaan van die legitimasie-verklaring

Ons ondertekeninsformulier kom oorspronklik van die Dordtse kerkorde af, wat opgestel is in 1618-1619 (dieselfde sinode waarin die Dordtse Leerreëls opgestel is en die drie formuliere van eenheid as die belydenisskrifte van die kerk aanvaar is). Artikel 53 van die kerkorde lees as volg (Kuyper, 1982:11-12):

> **"De Dienaren des Woords Gods, en desgelijks de Professoren in de Theologie ('twelk ook den anderen Professoren wel betaamt) zullen de belijdenis des Geloofs der nederlandsche Kerken onderteekenen, en de Dienaren die zulks refuseeren, zullen *de facto* van hunnen Dienst bij den Kerkeraad of Classe opgeschorst worde, tot ter tijd toe dat zij zich daarin geheellijk verklaard zullen hebben, en indien zij obstinatelijk in weigering blijven, zullen zif van hunne dienst geheellijk afgesteld worden."**

Die Dordtse ondertekeningsformulier van 1618-1619 bevat nie iets oor die verhouding wat die belydenisskrifte met die Woord het nie.[22] In 1816 is daar egter ´n nuwe ondertekeningsformulier in Nederland geskryf waarin die belydenisskrifte aanvaar word *in soverre* (*quatenu*s) hulle met die Skrif ooreenkom (Du Toit & Coertzen, 2000:247). In 1837 is daar op ´n Suid-Afrikaanse sinode besluit dat bedienaars van die Woord in SA die belydenisskrifte sou onderteken *omdat* (*quia*) dit in ooreenkoms is met die Woord van God (2000:252). Dit is eers in 1876 wat Die Dordtse Leerreëls ook uitdruklik in die ondertekeningsformulier in Suid-Afrika genoem is (2000:255). Intussen is daar veranderinge aan die ondertekeningsformulier aangebring, totdat dit geword het soos dit huidiglik as die *Plegtige Legitimasie-verklaring* daar uitsien (2000:255-257).

Daar is al baie debat gevoer oor die manier waarop die belydenisse onderteken moet word deur die twee woorde *quia* (*omdat*) en *quaetenus* (*in soverre*) teen mekaar af te speel. Albei hierdie woorde,

---

[22] "Wij ondergeschreven bedienaren des Goddelijken Woords, behoorende onder de Classe van NN, verklaren oprechtelijk en in goeder concientie voor den Heere, met deze onze onderteekening, dat wij van harte gevoelen en gelooven, dat alle de artikelen en stukken der leer, in de Belijdenis en Catechismus der Gereformeerde nederlandsche kerken begrepen, mitsgaders de Verklaring over eenige punten der voorzegde leer naarstiglijk zullen leeren, en getrouwlijk voorstaan, zonder iets tegen dezelve leer, hetzij openlijk of heimelijk, directelijk of indirectelijk, te leeren of te schrijven. Gelijk ook, dat wij niet alleen alle dwalingen, tegen veroordeeld, verwerpen, maar dat wij ook genegen zihn, dezelve te wederleggen, tegen te spreken, en allen arbeid aan te wenden, om dezelve uit de kerk te weren. En indien het zoude mogen gebeuren, dat wij na dezen eenig bedenken of ander gevoelen tegen dezen leer kregen, belovenwij, dat wih hetzelve noch openlijjk noch heimelijk, zullen voorstellen, leeren of verdedigen met prediken of schrijven; dat wij hetzelve alvorens dne kerkeraad, Classis en Synode sullen openbaren, om daar onderzocht te worden; bereid zijnde te aller tijd on het oordeel des kerkeraads, der Classis of Synode gewilliglijk te onderwerpen; op straffe, dat wij, zullen zijn. En indien de Kerkeraad, Classis of Synode, te eeniger tijd, om gewichtige redenen van nedenken, om te behoud de eenigheid en zuiverheid der leer, goedvond van ons te eischen nadere verklaring van ons gevoelen over eenig artikel van deze Belijdenis, den Catechismus of der Verklaring der Nationale Synode, zoo belove wij ook mits dezen, dat wij te aller tijd daartoe zullen gewillig en bereid zijn, op straffe als boven Behoudens nochtans het recht van appél, wij ons met de uitspraak en het oordeel der Provinciale Synode zulle tevreden houden." (Du Toit & Coertzen, 2000:244-245).

letterlik gelees, praat van ´n Skrifbeskouing wat absolute waarhede van die Skrif eis en dan òf erken dat *alles* wat in die leer vervat is ook ooreenkom met hierdie absolute waarhede; òf erken dat die belydenisskrifte op plekke foutief is (danksy wetenskaplike inligting). ´n *Quaetenus*-ondertekening sou daarom net saamstem met die belydenisskrifte waar die wetenskap nog in akkoord met die inhoud is. Die NG Kerk het egter kwalifiserings wat saam met hulle behouding van die *quia*-ondertekening gaan, waarna ek in die volgende hoofstuk sal kyk. Dit is hierdie kwalifiserings wat vir ons weghou van ´n letterlike lees.

So ontwikkel die legitimasie-verklaring dus binne die NG Kerk. Juis die benoeming van die drie belydenisskrifte as die *drie formuliere van eenheid* wys dat hierdie belydenisskrifte dien as eenheidsvormende geskrifte vir gelowiges. Die belydenis en ondertekening daarvan wys hoe die aanvaarding van die inhoud ten nouste verbind is aan die aard van die eenheid wat hierdie belydenisskrifte wil vorm; d.w.s. ´n eenheid in *geloofsoortuiginge*. Die verskillende maniere waarop die belydenisskrifte aanvaar kan word in terme van hulle verhouding met die Skrif, dui verder op geloofsposisies wat ingeneem *kan* word aangaande die waarde, plek en status van die belydenisskrifte binne die NG Kerk.

F) Slot

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die vier belydenisskrifte se ontstaansomstandighede en inhoud. Die NGB dien as ´n *belydenis van ´n geloofsinhoud* wat teenoor ander staan, en vorm daardeur ´n *nuwe geloofseenheid* onder hulle wat saam met die NGB bely. Die HK is ´n *identiteitsvormende* belydenis wat klem lê op die *genade-inhoud* van die geloof. Dordt is ´n *beskerming teen valse leer* en ´n bevestiging van *genade binne uitverkiesing.* Belhar is ´n belydenis wat opnuut soek na *eenheid* en moeite doen om die *praktiese implikasies van eenheid* te beklemtoon. Die ondertekening van belydenisskrifte deur predikante is in hierdie begin-fases veral bedoel om ´n *eenheid in die leer van predikante* te bewerkstellig; en ´n mens kan optel dat die inhoud van belydenisskrifte nader aan die tyd van ontstaan op ´n baie meer letterlike wyse bely is. In die volgende hoofstuk sal die legitimasie-verklaring van die NG Kerk bespreek word soos wat dit vandag in die kerk funksioneer. Hierdie verklaring beskou die drie ekumeniese geloofsbelydenisse en die drie formuliere van eenheid as die “leer van die kerk” en word deur voornemende predikante onderteken.

Hoofstuk 3: ´n Bespreking van die NG kerk se hantering van die legitimasie-verklaring binne ´n raamwerk van gereformeerde belydenisverstaan

In hierdie hoofstuk kyk ek spesifiek na die legitimasie-verklaring en hoe die binding wat dit van predikante vra vandag verstaan word deur die NG Kerk. Hiervoor word daar hoofsaaklik na Kerkorderlike- en sinodale bronne gekyk. Ek bespreek ook die gereformeerde belydenisverstaan as toeligtend tot hoe ´n mens oor binding aan die belydenisskrifte binne ´n gereformeerde tradisie behoort te dink.

A) Legitimasie-verklaring

Die legitimasie-verklaring lees as volg (Kerkorde 2004a:73):

> ***PLEGTIGE LEGITIMASIE-VERKLARING: DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK***
>
> Ek, die ondergetekende, ... oortuig van my roeping deur die Here en toegelaat tot die openbare bediening van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verklaar hiermee voor die Here:
>
> 1. Dat ek glo dat die leer vervat in die drie algemene belydenisskrifte en die drie Formuliere van Eenheid – die Nederlandse Geloofsbelydenis (*Confessio Belgica*), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, ooreenkom met die Woord van God;
>
> 2. dat ek hierdie leer getrou sal verkondig en uitleef;
>
> 3. dat ek alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is sal weerlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die Kerk te weer;
>
> 4. dat, indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek dit nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan ´n bevoegde kerkvergadering vir ´n beslissing voorgelê het nie;
>
> 5. dat ek my aan die orde van die NG Kerk sal hou;

6. dat ek, om beroep te word, volgens die Kerkorde en besluite van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sal optree;

7. dat ek my op die uitbreiding van die Koninkryk van God sal toelê deur die bevordering van die kennis van, vertroue in en gehoorsaamheid aan die Drie-enige God.

Die eerste vier punte van hierdie verklaring handel oor "die leer van die kerk" en die manier waarop dit voortaan moet figureer binne die afgestudeerde student se Woordverkondiging en lewe binne (en sekerlik ook buite) die kerk.

Met ´n eerste lees klink hierdie na ´n baie rigiede binding. ´n Binding wat die Skrif tot "´n leer" beperk en alles wat verder strek as dit tot dwaling maak. Ek gaan voort deur ´n ondersoek te doen oor hoe "die leer" se ooreenkoms met die Skrif deur die NG Kerk verstaan word.

B) Die NG Kerk se siening oor die "leer" waarna daar verwys word in die legitimasie-verklaring

i Die kerkorde

Ek gaan in hierdie afdeling voortgaan deur ´n paar ter sake aanhalings uit die Kerkorde van 2004 te maak en daarna sal ek dit bespreek. Ek sal deurgaans skuinsdruk gebruik waar ek klem op enige woorde wil plaas.

Artikel 1:

"Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk *in ooreenstemming met die Woord van God bely*, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls." (2004a:1)

Artikel 5.1

"5.1 Vir die *toelating tot die bediening* van die Woord word vereis:
5.1.1 ´n geskiktheid vir die amp;

5.1.2 ´n deeglike teologiese opleiding; en

5.1.3 *die ondertekening van die legitimasieverklaring waarin die ondertekening van die Formuliere van Eenheid vervat is.”* (2004a:2)

Artikel 59

“59.1 *Kerklike opsig word gehou en kerklike tug uitgeoefen ...*

59.2 *volgens voorskrifte van*

59.2.1 die Woord van God

59.2.2 *die Belydenisskrifte*

59.2.3 die Kerkorde en ander bepalinge van die Kerk.” (2004a:24)

Artikel 62.3

“Predikante in diens van die kerkverband (waarby teologiese dosente ingesluit word), *staan wat hulle leer en lewe betref onder die opsig en tug* van die ring binne wie se gebied hulle lidmaat is van ´n gemeente.” (2004a:25)

Hierdie artikels maak dit duidelik dat *die leer* van die kerk belangrik is binne die funksionering van die kerk. Dit wys 1) dat daar geglo word dat die belydenisskrifte in ooreenstemming met die Skrif is, 2) dat die ondertekening van die leer deur predikante nodig is vir toelating tot die bediening, 3) dat hierdie binding aan die belydenisskrifte deur tugstappe gekontroleer kan word, en 4) dat hierdie onderwerping aan die opsig en tug van die kerk raak aan hoe predikante leer en leef.

Dit is hier ook (soos met die legitimasie-verklaring wat in die kerkorde voorkom) die geval dat ´n doodgewone, letterlike lees van die kerkorde rigiditeit oordra ten opsigte van die funksionering van leer en belydenis. Daar word nie binne die kerkorde uitgebrei op hoe die leer verstaan behoort te word of oor wat die aard van die binding aan die leer is nie. Ek beweeg nou oor na die mees onlangse sinodale bydra tot hierdie gesprek, en daarna ook ´n bydra van die tussenkerklike kommissie ´n paar jaar gelede.

ii Sinodale bydraes

Die Algemene Kommissie vir Leer en Aktele Sake (AKLAS) het die opdrag van die Algemene Sinode om deurgaans die Algemene Sinode te adviseer aangaande leer en leerstellig-etiese kwessies binne ons konteks vandag (Kerkorde 2004a:64-65). Hierin word daar dus voorsiening gemaak vir deurlopende deskundige bydraes (sien die Kerkorde 2004a:64 vir ´n lys van deskundiges) wat betref hoe die leer in

die kerk funksioneer. Die mees onlangse sinode wat hierdie jaar in Boksburg plaasgevind het, het *Gereformeerde identiteit* op die agenda gehad waarvoor AKLAS ´n verslag voorgelê het. Die aanbeveling was dat die sinode die verslag aanvaar, en dit is toe ook die geval gewees. ´n Afdeling van hierdie verslag handel oor belydenisskrifte en raak aan die aard van die binding aan die belydenisskrifte wat in die kerk gehandhaaf word.

> **"In die NG Kerk word die standpunt gehandhaaf dat die erkende belydenisskrifte as gesagvolle uitdrukking van die gereformeerde geloofsoortuiging aanvaar moet word omdat (*quia*) hulle met die Woord van God ooreenstem. Hulle het gesag *in die saak*** (my klem) **wat hulle volgens die Skrif wil bely. Die erkenning van die gesag van die belydenisskrifte sluit nie hulle wysiging en/of aanvulling uit nie, mits dit langs die ordelike kerklike weg van ´n behoorlik getoetste gravamen geskied.**
>
> **Die NG Kerk besef dat die belydenisskrifte historiese dokumente is wat op meer as een manier die merktekens van die tyd waarin hulle ontstaan het, vertoon. Dié feit kan vir sommige in die kerk ´n struikelblok wees om hulle in die huidige omstandighede heelhartig te onderskryf. Tog is die erkenning van die historiese aard van die belydenisskrifte nie iets wat die gesag daarvan ondermyn nie. Trouens, ons aanvaar dat dieselfde verstaansreël vir die Bybel geld. Hoe dan nou anders met die Belydenisskrifte? Juis omdat die kontekstuele verstaan van die Bybel so belangrik is, is die Gereformeerde tradisie die enigste een waarin belydenisskrifte voorkom. Dis kerklike dokumente wat die kernwaarheid van die evangelie op gegewe momente uitspreek om die Bybel so te beaam en versterk. Die *Drie Formuliere van Eenheid* kom uit die Nederlandse Gereformeerde wêreld en in Suid-Afrika is die *Belydenis van Belhar* in 1986 as vierde belydenisskrif van die destydse NGSK (nou die VGKSA) aanvaar. Daar is talle voorbeelde in ons geskiedenis van nuwe geloofsverklarings en belydenisse om dwalinge te bestry en die evangelie vars te laat klink in veranderde omstandighede." (Agenda van Algemene Sinode; 2007b)**

Hierdie verslag kwalifiseer in ´n mate die binding aan die leer deur te sê dat die belydenisskrifte ooreenkom met die Skrif *in die saak* wat hulle bely. Daarin hoor ´n mens die aanname dat ´n hermeneutiese lees van die belydenisskrifte vir jou by ´n saak bring wat bely word en dat hierdie saak ooreenkom met hoe hierdie selfde saak deur die Skrif hanteer word.

Hoewel dit alreeds ´n verbetering is op die ongekwalifiseerde taal van die legitmasie-verklaring, sê dit niks oor die hermeneutiek wat gebruik word vir nòg die belydenisskrifte, nòg die Skrif om by die "sake" ter sprake uit te kan kom nie.

Wat hierdie verslag ook doen, wat ´n tree in die regte rigting is, is dat dit duidelik uitspel dat hierdie dokumente histories van aard is en dat dit as sulks gelees moet word. Nes die Skrif as historiese dokument nie haar gesag verloor bloot omdat sy ´n historiese karakter het nie. Daarmee word ´n hermeneutiese lees vir ´n tweede keer geïmpliseer. Tog verreken dit nie heeltemal die feit dat daar op die oomblik oor Skrifgesag onsekerheid is binne die kerk nie[23]. Die parallel is dus nie so eenvoudig om te trek nie. 2004 se algemene sinode het wel ´n verklaring oor die kerk se verstaan van Skrifgesag gehad (Addendum A). Hierdie verslag is ´n omstrede verslag met ´n openheid rakende die hermeneutiese lees van die Bybel. Tog dien dit nog nie as ´n duidelike rigtingwyser rakende Skrifgesag nie.

Hierdie kwalifiserings help egter om die rigiditeit van die bewoordings van die kerkorde, en spesifiek die legitimasie-verklaring daarbinne, te versag. Twee vrae bly staan: Help hierdie kwalifiserings met die eenheidsvormende doel wat ondertekening het? en Is hierdie kwalifiserings ´n afwyking of bevestiging van die gereformeerde aard van belydenis?

iii) Tussenkerklike Kommissie

Du Plooy skryf oor *Die aard en gesag van die binding aan die belydenisskrifte* en in hierdie artikel haal hy die Tussenkerklike Kommissie aan oor hoe daar gedink word oor die aard van die binding aan die belydenisskrifte:

> **"Dit word gestel dat die ondertekenaar nie tot op die laaste letter aan die belydenisskrifte gebind is nie, en tegelyk word beklemtoon dat dit nie beteken dat die binding gerelativeer mag word nie. In die standpuntstelling word ´n neiging om die binding te wil reduseer tot ´n binding aan ´n kernbelydenis ten sterkste afgekeur. 'Juis binne die quia-standpunt sal daar ruimte vir verskil van interpretasie moet wees in ons soeke na die waarheid' (Handelinge Tussenkerklike Kommissie, 1982-1989:613)." (1991:81)**

[23] Du Plooy skryf oor twee oorsake vir die spanning wat ontstaan het rondom die ondertekening van die drie formuliere van eenheid. Die eerste is die verhouding wat tussen geloof en wetenskap ontwikkel het; en die tweede het te make net die *nuwe Skrifbeskouing* en nuwere hermeneutiek (wat volgens hom ´n hermeneutiek is wat relasioneel dink oor hoe die Woord van God tot ons gekom het) (1991:73).

In hierdie aanhaling word daar weereens duidelik gemaak dat die binding ´n hermeneutiese lees van Skrif en belydenisskrif insluit en dat verskillende interpretasies daarbinne gehuldig mag word. Dit is egter weer ´n geval waar daar gekwalifiseer word, maar nie rigting gegee word nie.

C) ´n Gereformeerde belydenisverstaan

> **"If we concern ourselves *today* with Christian doctrine, there is no point in staring spellbound at the sixteenth century and holding on to what was *said*** (my klem) **then and there as unmoveably and unchangeably as possible. Such a procedure would be inconsistent with the Reformation. It is always a misunderstanding of the communion of saints and a misunderstanding also of the fathers when their confession is later understood as chains, so that Christian doctrine today could only be a *repetition*** (my klem) **of their confession." (Skryf Barth, 1964:21 oor veral die HK)**

Die NG kerk en gereformeerdes is deel van ´n tradisie wat as ´n belydenistradisie bestempel sou kon word. Belydenisskrifte speel ´n groot rol in die gestaltegewing van ons geloof en van ons kerke (Smit, 2006:135).

As Smit (2006:138) onderskei tussen die ses hooffunksies van belydenisskrifte in die Protestantse kerke: nl. ´n doksologiese funksie, ´n hermeneutiese funksie, ´n verenigende funksie, ´n kategetiese funksie, ´n funksie wat dwaling bekamp en die funksie van openbare getuienis[24], hoor ´n mens dat ´n belydenisskrif verskeie ontstaansmoontlikhede en doelwitte mag hê soos wat hulle binne die protestantse kerke gebruik word. In al hierdie funksies sien ek die funksie van samebinding/eenheidsvorming – ons loof *saam*, ons interpreteer *saam*, ons erken ons glo *saam*, ons leer ons kinders en nuwelinge wat ons *saam* glo, ons staan *saam* teenoor valse leer en ons bely *saam*.

Tog is daar verskillende beklemtonings in elke belydensskrif en verskillende spesifieke funksies wat elk vervul. Dit volg dus hieruit dat die gereformeerde tradisie nie die belydenisskrifte as a-historiese en a-kontekstuele dokumente kan lees nie (Smit, 2006:146). Wat ons met ons belydenisskrifte vandag doen hang baie af daarvan dat ons meer moet maak van hulle historiese gesitueerdheid en dit dan in ´n gesonde verhouding bring met ons eie gesitueerdheid.

[24] 1) Dit verskaf die nodige taal aan lidmate om God mee te eer. 2) Dit dien as hermeneutiese lense. 3) Dit is uitdrukkings van bestaande eenheid en/of uitdrukkings van ´n nuwe eenheid ten tyde onsekerheid. 4) Dit word gebruik vir onderrig en lering. 5) Dit ontstaan baie kere as pogings om tussen waar en vals te onderskei. 6) Dit is openbare getuienisse oor Jesus Christus en die waarheid van die evangelie. (Smit, 2006:136-137).

As ´n mens gaan kyk na die gereformeerde tradisie sal ´n mens ´n tydperk vind waarin daar ´n groot aantal belydenisskrifte tot stand gekom het (Tshaka, 2006:690). Die rede hiervoor is dat die gereformeerde tradisie nog nooit daarmee tevrede was om te erken dat net een uitdrukking van die geloof ´n enigste of ´n absolute is nie. Daarmee saam is die belydenisskrifte ook veronderstel om altyd voorlopig en tydelik te wees ... amper *until further notice* soos Barth dit formuleer (In Smit, 2006:142-143. Kyk ook Guthrie, 1994:25-31 & Strauss, 2005:144-148). Barth wys immers daarop dat daar binne die gereformeerde kringe talle belydenisse is, meeste van hulle wat eindig met ´n instemming dat verdere verbeteringe daarop te verwagte is (in Smit, 2000:69). Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat enige verandering aan ´n belydenisskrif nie bloot met die formalistiese taal- en Skrif-gebruik van die belydenisskrif te doen mag hê nie, maar met die *eintlike bedoeling* wat *in die oomblik van belydenisvorming* op die spel was (Smit, 2006:143) – *die saak waarom dit gaan* soos ons dit al vroeër gevind het by die Algemene Sinode se verklaring.

Daar is ´n openheid tot nuwe belydenisvorming in ons tradisie. Belydenisvorming is egter nie ´n ligtelike saak nie. Smit skryf dat nuwe omstandighede, met hulle unieke eise en uitdagings aan die geloof, vir gereformeerdes, *in uiterste gevalle*, kan bring tot op ´n plek waar belydenisvorming weer nodig is (2002:358).

> **“Reformed doctrine is what people say because they must say, because Scripture itself gives them no other choice.” (Smit, 2000:70).**
>
> **“A Reformed confession of faith is the spontaneously and publicly formulated presentation to the Christian Church in general of a provisionally granted insight from the revelation of God in Jesus Christ attested to in Holy Scripture alone by a geographically circumscribed Christian fellowship which, until further notice, authoritatively defines its character to outsiders and which, until further action, gives direction to its own doctrine and life.” (Barth in Smit, 2000:72).**

Barth sou selfs so ver gaan om te sê dat die betekenis van gereformeerde belydenisse juis lê in hulle “*nonsignificance…obvious relativity, humanity, multiplicity, mutability and transitoriness.”* (Barth in Tshaka, 2006:692). Natuurlik sou dit onverskillig wees om hieruit af te lei dat Barth onverskillig gestaan het teenoor belydenisskrifte. Belydenis is ´n baie ernstige stap en dit mag net gebeur as die evangelie self op die spel is (Tshaka, 2006:693).

Die rede vir die gebruik binne die gereformeerde tradisie om ´n openheid te hê teenoor nuwe belydenisskrifte gaan saam met die bekende spreuk *ecclesia reformata semper reformanda* (die kerk gereformeerd en altyd reformerend) (Strauss, 2005:145; Guthrie, 1994:17-18; Wainwright, 1980:252). ´n Verdere karaktereienskap van gereformeerde belydenis is dat dit altyd ´n poging is om ekumenies te wees, in dié sin dat ons glo dat ons belydenisse die kern van die geloof saamvat en daarom ook ekumeniese instemming sal ontvang (Smit, 2006:147; Strauss, 2005:150, Tshaka, 2006:694). Ons wil dus nie die *gereformeerde* geloof bely nie, maar die *Christelike* geloof – daarom dat ons ´n *gereformeerde* tradisie het wat *reformerend* wil bly.

Opmerkings

Die gereformeerde tradisie sien ´n belydenisskrif dus nie as ´n rigiede dokument nie, maar eerder as ´n konteksgetroue spreke oor God wat ´n geloofswaarheid oor God probeer verwoord. Daar is ´n openheid vir die moontlikheid dat vorige geslagte verkeerd kon verstaan en interpreteer; en daarom word die moontlikheid vir veranderings of weglatings nie uitgesluit nie. Die uniekheid van elke geskrif word in ´n hermeneutiese lees geken. Gereformeerde belydenis word verstaan as belydenis wat soek na Christen-belydenis en nie na tradisie-belydenis nie – dit soek dus eenheid wat verder strek as net gereformeerdheid.

D) Slot

In hierdie hoofstuk is gekyk na die kerkorde, sinode en tussenkerklike kommissie se bydraes ten opsigte van die aard van die binding aan die belydenisskrifte. As dit nie vir die sinode (en ook tussenkerklike kommissie) se bydraes was nie, sou die kerk moeilik die kerkorde kon lees as iets wat nie ´n letterlike binding aan die letterlike inhoud van die belydenisskrifte van predikante vereis nie. Gelukkig is daar wel kwalifiserings deur die sinode gemaak (die mees onlangse vind plaas in die algemene sinodesitting van 2007), wat hierdie ondertekening meer in lyn met die gereformeerde tradisie bring. ´n Tradisie wat belydenisse as feilbare konteksgeskrifte lees wat die Christelike geloof wil bely. Die feit dat die historiese gesitueerdheid erken word, maak dat feilbaarheid nie in die letterlike woord-vir-woord lees van die belydenisskrifte gevind mag word nie, maar slegs gevind kan word wanneer *die saak waaroor dit gaan* ´n verkeerde begrip van God, en die Skrif se getuienis oor God, te weeg bring.

Dit is belangrik om op te merk dat daar oor die jare ´n klemverskuiwing kom by ondertekening: van ´n aanvaarding van die letterlike inhoud van die belydenisskrifte (soos in die tyd van die ontstaan van die belydenisskrifte) na ´n aanvaarding van die waarheid van die saak wat bely word binne ´n belydenisskrif. Dit gebeur doodgewoon omdat die letterlike belydenis die akkuraatste en mees getroue belydenis is wat die belyers kon maak toe daar vir die eerste kere bely is. Veranderinge in konteks impliseer dat die akkuraatheid van die letterlike inhoud afneem, maar ook dat ons die gereedskap het waarmee ons by die kern van die belydenis kan probeer kom.

Die tradisie en die sinode-bydraes help vir predikante om te verstaan dat daar ruimte is vir belydenisskrifte om hermeneuties gelees te word. Ondertekening het egter nog altyd ten doel gehad dat ´n geloofsgemeenskap en dié se leraars in leer en lewe saamgebind word tot ´n geloofseenheid. My vraag is of die NG Kerk, nadat die kwalifiserings gemaak is en die skynbare inhoudelike begrensings van die belydenisskrifte ten opsigte van leer oopgestel is vir interpretasies, op ´n genoegsame wyse weer riglyne aangebied het vir hoe predikante in hulle leer en lewe binne ´n kerkeenheid kan glo, verkondig en bely? M.a.w. Dien die legitimasie-verklaring nog sy eenheidsvormende doel?

Hoofstuk 4: Die NG Kerk in SA

In hierdie hoofstuk vertel ek die verhaal van die NG Kerk in SA. Ek doen dit in die hoop dat dit sal help met die vraag waarmee ek die laaste hoofstuk geëindig het, d.i. Dien die legitimasie-verklaring nog sy eenheidsvormende doel? Hierdie vertelling behoort vir ons uit te wys of daar so ´n eenheid in die kerk is en, indien daar nie is nie, hoekom die legitimasie-verklaring nie help daarmee nie.

A) Die geskiedenis van die kerk

> **"The problem in South Africa has not been Calvinism but rather, with some notable exceptions, the absence of a truly Reformed theology ..." (De Gruchy aangehaal in Smit, 1992:88)[25]**

Met die oorsprong van die kerk in 1652 (toe die Hollandse nedersetting in die Kaap gestig is) was dit nie Calvyn se liturgie en kerkorde wat nagevolg was nie, maar dit wat ons van die Dordtse sinode ontvang het in 1618-1619. Die klem daarin was baie sterk op lering binne die erediens. Van die begin af sien ´n mens dat die NG Kerk in SA nie soseer op haar Calvinistiese wortels gebou is nie, maar eerder op ´n latere ontwikkeling daarvan. Al die predikante van hierdie kerk is in Nederland opgelei en daar was oorspronklik ook nie ´n sinode in SA nie (Burger, 2001:7). Kerkregering het dus vanuit Nederland geskied.

Met die koms van die Britse troepe in die Kaap in 1795 het die NGK haar posisie as die enigste offisiële kerk verloor. Dit is hier waar die nood vir predikante ontwikkel het, omdat Nederlandse predikante nie meer so gewillig was om onder Britse heerskappy te werk nie. ´n Hele klomp Skotse predikante is toe vir die Suid-Afrikaanse kerke beroep. Dit is veral die Skotse Murrays wat ´n groot invloed gehad in ons kerk. Hulle het ´n sterk fokus op piëtisme gehad met ´n groot evangeliese klem. Dit is hierdie piëtisme in die kerk wat ´n groot invloed gehad het op die bekamping van die liberale teologie van Nederland. Vandag nog is die effek van hierdie piëtisme sigbaar in die NG kerk (Burger, 2001:6&9). Van Lier en Vos was twee Nederlandse predikante wat nog voor die Skotte ook ´n evangelies/piëtiste invloed op die kerke gehad het (Burger, 2001:8).

[25] Kyk in Smit (1992:88-106) vir ´n bespreking wat vloei uit hierdie aanhaling.

Die eerste sinode van die NG kerk was toegelaat om byeen te kom in 1824. In 1857 word die besluit gemaak dat aparte kerke vir verskillende rassegroepe sal bestaan as gevolg van die "swakheid van sommige" (witmense wat ongemaklik daarmee was om, veral in Nagmaalsdienste, saam met ander rassegroepe in die kerk te wees). Dit is eers in 1881 wat die NGSK (Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk) ontstaan (2001:10-11). Van 1980 af was daar al hoe meer mense binne die NGK wat apartheid bevraagteken het. Beide teoloë en predikante het begin erken dat dit nie in lyn met die Skrif is nie (2001:12). [26] Intussen het groot veranderinge in ons kerk ingetree met die afskaffing van die apartheidsbeleid en die veroordeling van apartheidsteologie.

> **"Many Reformed Christians were deeply involved in the anti-apartheid struggle. Reformed church leaders and theologians played prominent roles. Powerful decisions were taken by synods and strong declarations issued. Apartheid ideology and theology and the laws and practices of the apartheid state and apparatus were opposed in the name of the gospel and the authority of the Bible, in typically Reformed fashion. The struggle years did not, however, prepare these Reformed Christians for the present situation and for the new challenges of a radically transformed, secular, democratic, and pluralistic society. All their attention was given to politics and to church-state relationships, with the result that the suddenly changed circumstances caught these churches unaware." (Smit, 2003:238-239).**

Die kerk vandag

Die effek van die veranderinge in ons land is groot op ons kerke. Burger noem dat die kerk nie meer ´n "kontrole" oor lidmate het soos in die verlede nie. Daar is nou eerder die verskynsel van onafhanklikheid en vrywillige deelname binne die kerke (2001:13). Verskeie outeurs skryf dat die NG kerk op die oomblik ´n kerk is wat ´n groot identiteitskrisis beleef (Steyn, 2005:550; Hofmeyr, 2002:244). Ons is ook ´n kerk wat tot ´n groot mate haar integriteit verloor het binne die samelewing (meer daaroor later).

i) Identiteit

Steyn noem ´n paar faktore wat kon aanleiding gee tot hierdie krisis (2005:551-554).

1. Die situasie van Post-apartheid het beteken dat ´n gemeenskaplike droom van kerk en staat ten gronde gegaan het, en dat die staat nou alle gesag wat die kerk eers gehad het van haar ontneem

[26] Sien ook Smit, 1999:271-272.

het. As gevolg van hierdie skuif is die tipe leiding wat die kerkleiers gee totaal anders as wat die kerk vroeër geken het en is daar minder sekerheid- en standpunte- oor kwessies wat eens op ´n tyd duidelik was (sien ook Hofmeyr, 2002:244).

2. Kerke raak meer outonoom en daarom raak kerkrade se stemme harder; dit bemoeilik in baie opsigte die lewe vir baie predikante en hulle gesinne. Die arbeidswet veroorsaak dat predikante aangestel en afgedank kan word (wat nie vroeër die geval was nie) en nou word daar minder gemaak van roeping. Dit beïnvloed ook die stigting van vakbonde vir predikante.
3. Die "nuwe hervorming" het ´n weg oopgemaak vir mense wat die Bybel binne "die denkkader van die postmodernistiese tydvak" (sy woorde) lees.
4. Daar is ´n klomp "charismatiese invloede"[27] (sy woorde) in die kerk, soos bv. die Christelike radiostasies, *gospel-musiek,* dagboekies en geskenkboekies (bv. Jabes se gebed), suksesresepte vir gemeentes (bv. Willow Creek se invloed) en evangelisasiekursusse vanuit ander kerkverbande (bv. EEIII en Alpha) wat deur ons kerk gebruik word.
5. Postmodernisme[28] speel ´n groot rol.
6. Regstellende aksie en blanke verarming is ´n realiteit wat die kerk se verantwoordelikheid vir die versorging van lidmate vergroot.
7. Verstedeliking en veranderende gemeentelike geografie beteken dat kerke hulleself moet oopstel en aanpas om hulle lidmaatprofiel verteenwoordigend van die gemeenskap waarin hulle is te maak. Alle kerkrade is egter nie oop vir die veranderings wat dit impliseer nie.
8. Oorweldigende maatskaplike behoeftes maak dat daar geprioritiseer moet word soos nog nooit tevore nie. Baie lidmate en predikante is ook as gevolg van hierdie verlammende werklikheid oorwerk en depressief.
9. Die homoseksualiteitsdebat is ´n saak wat bydra tot verwarring onder die lidmate.
10. Kerkhereniging en die Belydenis van Belhar bring ´n totale nuwe situasie vir baie lidmate waarmee hulle glad nie bekend of vertroud is nie.

Hierdie faktore beïnvloed volgens hom vier terreine, nl. 1) lidmate se Skrifbeskouing, 2) dogmas en belydenisskrifte, 3) liturgie en 4) etiek (sien 2005:555-557). Hofmeyr noem hierdie identiteitskrisis ook ´n "geestelike worsteling oor die aard en karakter van die kerk" (2002:245).[29]

[27] Sien ook Hofmeyr, 2002:245-247.

[28] Vir sy omskrywing, sien 2005:553. Kyk ook na Van der Watt wat die fenomeen beskryf waarin ´n mens self nou die besluitnemer word en ook hulle eie gesag vir hulleself word. Hy beoordeel dit redelik negatief, omdat dit vir ´n Christen so moet wees dat hy gesag en outoriteit buite hulleself moet vind – nl. in God (2005:249-250). My beoordeling daarvan is egter nie so negatief nie. Hofmyer het ´n meer positiewe benadering (2002:249-250) – hy argumenteer vir ´n Afrika-dienswilligheid, inklusiwiteit, meer holistiese denke, selfstandige lidmate o.a.

My eie lys van faktore sou moontlik ´n bietjie anders daar uitgesien het. Ek beskou byvoorbeeld *Charismaties* as iets wat eerder te doen het met tradisie en teologie as wat dit met bolangse verskynsels te doen het. My waarneming oor "blanke verarming" sou dalk ook ´n bietjie meer genuanseerd gewees het in dié sin dat ek wil erken dat dit nie eintlik eers vergelyk kan word met verarming wat gebeur in die ander groeperinge van ons land nie. Alle verarming behoort ons kerk te raak. Daarmee negeer ek egter nie die realiteit van blanke verarming en die slegtheid daarvan vir die mense betrokke, waar dit wel plaasvind, nie. Hoe dit ook al sy, hierdie faktore gee vir ´n mens ten minste ´n idee oor hoe lidmate geraak word deur veranderinge wat die kerk die afgelope tyd gevoel het. Die terreine wat Steyn identifiseer as terreine wat beïnvloed word daardeur kan ek geheel en al mee saamstem. Hierdie realiteit is dalk die grootste krisis en uitdaging in ons kerk in ´n lang tyd, omdat dit vir ons forseer om te vra "waaroor gaan dit regtig?" Hierdie gesprek is al vir ´n paar jaar op die sinodale tafel, ek verwys spesifiek na die twee mees onlangse Algemene Sinode-sittings.

Die algemene sinode het onder die afdeling *Leer en Aktuele Sake* Skrifgebruik en Skrifgesag hanteer by die sitting van 2004 (Addendum A). Na my mening is dit ´n baie sinvolle en verantwoordelike bespreking daarvan en iets wat veral vir lidmate van groot hulp kan wees as hulle die "onsekerheid oor standpunte" in die kerk beter wil verstaan. By die sinodesitting van 2007 is daar ´n verslag ingedien en aanvaar oor gereformeerde identiteit, wat self ook goed nagevors en uiteengesit is (Addendum B).[30]

Ek gaan ´n laaste paar opmerkings maak oor die Skrif binne die NG kerk spesifiek. Die sieninge rondom die gesag van die Skrif is nie op die oomblik ´n bindende faktor in die NG kerk nie[31] (Britz, 2002:89-102, sien ook Steyn, 2005:555, Van der Watt, 2005:251-254). Britz (2002:89-102) skryf ´n artikel oor die twee denkrigtings wat bestaan rondom die Skrif - twee uiteenlopende rigtings. Die een beskou die Skrif as Godgegewe, Woord van God, bindend; en die ander as mensewoorde oor God, beïnvloed deur die tyd van skrywe. Teen die einde van sy artikel dui hy aan hoe hierdie uiteenlopendheid wat Skrifbeskouing, en uiteraard ook wat geloof (belydenis), betref die eenheid wat gesoek word tussen gereformeerde kerke in gedrang bring. Volgens hom sal ware eenheid

[29] Sien ook Hofmeyr, 2002:248-249 oor Skrifbeskouing en teologiese aksentverskuiwings.
[30] Hoewel beide, veral die verslag oor gereformeerde identiteit, aanvaar is; was daar nie veel bespreking daaroor wat op die sinode self geskied het nie. Dit is ´n jammerte. Hierdie verslag is ´n goed-nagevorste verslag oor gereformeerde identiteit wat op ´n bondige wyse baie dinge sê. As dit met meer aandag hanteer was sou dit dalk die sinode ook forseer het om te dink oor die implikasies van die inhoud daarvan en oor wanverhoudings wat bestaan tussen sinodale gesprekke, praktyk en tradisie. Dit kon moontlik tot verdere vrugbare gesprekke gelei het oor hoe om die diversiteit (van veral hermeneutiek) binne ons kerk op ´n meer sinvolle wyse te hanteer.
[31] Om te sien wat die NGB bely oor die Skrif, sien Addendum A. Sien ook artikel 1 van die Kerkorde.

("saamgevoeg en verenig met hart en wil in een en dieselfde gees, deur die krag van die geloof") bly ontbreek as daar nie saamgekom kan word oor Skrifbeskouing en geloof nie[32] (2002:102).

Die kerk staan voor die baie groot uitdaging om te onderskei hoe om eenheid en diversiteit saam te hanteer, nie net ten opsigte van kultuur, ras en styl-voorkeure nie; maar kernagtige goed soos identiteit, Skrifbeskouing, wat ons glo. As hierdie dinge nie op ´n sinvolle manier aandag kry nie sal baie van die prosesse binne die kerk stadiger gemaak word en sal die kerk dalk bly fokus op sake wat nie regtig die dringendste van sake is nie.

ii) Integriteit

Smit skryf al in 1992 oor hoe die kerk ´n kerk is wat altyd ´n stappie na die regering volg (1992:93). ´n Mens sou kon vra of dit is wat ons kerk doen – die regering navolg in apartheid teenpraat, homoseksualiteit, die VIGS-krisis ens.? As dit so is - wat sê dit van die *integriteit* van die kerk. Kan dit dan nog ´n kerk wees wat sê dat hulle enigiets *regtig* op die Skrif fundeer, of gebruik hulle net die Skrif soos die tendense van die dag dit van hulle vra?

In die afgelope paar dekades het die NG kerk in Suid-Afrika baie verander. Van eksklusief wit tot ´n kerk wat eenheid met kerke van ander rassegroepe soek, van ´n teologie van Afrikaner-nasionalisme tot een van "versoening, heling en opbou", van ´n kerk wat nou gebonde was aan die staat, tot een wat nie meer voorregte het nie, van ´n selfgesentreerde kerk tot een wat denominasioneel moet dink (Burger & Wepener, 2004:8). Hoe oortuig ons onsself en ander dat hierdie veranderinge verandering van ´n kerk met integriteit is en nie net pogings tot self-behoud nie?

<u>Opsommenderwys</u>

Burger stel die uitdagings van gereformeerde kerke op die oomblik, as volg:

> **"It is an era of *mixed and contradicting realities*. Some commentators say that South African society is in the awkward situation that people have to learn to live with the realities of *modernism and post-modernism at the same time*. They are also asked to deal with *growing globalisation* – while the President is calling for an *African Renaissance*. On the other hand, many white South**

[32] Sien ook AP Cilliers (2004:785-786) oor die rol van Skrif as *norma normans* en hoe ´n mens dit kan vertolk vir vandag.

> **Africans now realise for the first time that they are *living in a third-world country* and are discovering Africa as if for the first time." (Burger, 2001:20)** (*my klem*)

Een van die maniere waarop Burger dink dat kerke met hierdie realiteite moet werk is deur gewillig te wees om hulle gereformeerde tradisie op ´n radikale manier te herontdek en herdink (2001:20). Die uitdagings en krisisse van die afgelope paar jaar het hierdie soeke na gereformeerde identiteit op verskeie plekke in die kerk na vore gebring. Ons sien dit juis weer in die Algemene Sinode sitting van 2007.

B) Samevatting

Ons kerk het ´n hartseer geskiedenis, maar wel goeie elemente daarin wat as stukkies hoop dien. Ons kerk moet worstel met ´n totale nuwe realiteit en is saam met die land in ´n identiteitskrisis wat soek na hoe om hierdie tiener, *demokrasie*, te hanteer. Die realiteit waarmee ons gekonfronteer word forseer vir ons om moeilike vrae te vra oor wie ons is, wat ons glo, hoe ons glo, wat etiek is, wat Skrif is, waar ons integriteit lê.

Die verkeerde gebruik van Skrif en leer in die geskiedenis van ons kerk, maak dat daar nou in ons kerk baie versigtig met beide gewerk word. Dit veroorsaak dat ons kerk opnuut soek na die betekenis van gereformeerd leef en glo. Dit is dus verstaanbaar dat daar ´n mate van begrip vir diverse Skrifbeskouinge (en gevolglik leerbeskouinge) in die kerk is, want ons ken die gevaar daarvan om iets te vinnig vas en onbuigbaar te maak.

Hoe bring ´n mens hierdie prentjie van die geskiedenis van die NG Kerk uit by die legitimasie-verklaring en eenheid?

Die legitimasie-verklaring vra dat predikante die "leer van die kerk" onderteken, omdat dit ooreenstem met die Skrif – daardeur weet ons ook dat die "leer van die kerk" as die gom dien wat die kerkliggaam aan mekaar bind. Vir lank is die "leer van die kerk" op ´n reduksionistiese wyse nagevolg-, en die Skrif is misbruik in ons kerk. So kan dit nie aangaan nie - daarmee is ons eens (apartheidsteologie is bely en laat staan). Nou moet ons egter die leer en Skrif opnuut verstaan!

Nou worstel ons met hoe om nuwe riglyne daar te stel, sonder om die foute van die verlede te herhaal. Nou worstel ons met die vraag of ´n mens riglyne mag en kan stel. Ons vra hoe ´n mens met die Skrif mag werk en hoeveel verskillende benaderings onder dieselfde groep gelowiges geakkomodeer kan word. Binne hierdie identiteit-soekende fase van die NG Kerk maak dit sin dat die legitimasie-verklaring nie help met identiteit en eenheid nie. Die legitimasie-verklaring is op die oomblik ´n aspek van tradisie waarvan die betekenis vaag is; die doel onseker. Die bewoording en kwalifiserings van hierdie verklaring maak nie duidelik wat op die ou end deur voornemende predikante onderteken word nie. Dalk het die ondertekening van die legitimasie-verklaring net ´n dooie ritueel geword wat jaar na jaar herhaal word as ´n nodige stap waarmee die bediening betree kan word.

In die laaste hoofstuk word die hipotese toetsing gedoen, en word ´n voorstel vanuit die bevindinge geformuleer.

Hoofstuk 5: Hipotese toetsing en Slot

Die aard van die binding van die legitimasie-verklaring binne die NG Kerk roep hermeneutiese vrae na vore, veral vanuit die perspektiewe van die "publieke"/konteks waarbinne predikante opgelei word en in die bediening staan. Hierdie hermeneutiese vrae noodsaak ´n dringende herbesinning oor die aard en implikasies van die legitimasie-verklaring.

Ek het in die begin van die navorsingsstuk drie vrae gestel wat sou help met die toetsing van die hipotese. Ek vra hulle weer en bespreek elkeen afsonderlik:

1) Wat is die doel van die legitimasie-verklaring?

In die tweede hoofstuk is daar gesien dat die ondertekening van belydenisskrifte altyd ´n eenheidsvormende doel gedien het in terme van geloofsinhoud. Daar is egter ook gesien hoe die verstaan van *inhoud* geskuif het soos wat daar tyd verloop het na die ontstaan van elke belydenis. Die inspeling van akademiese- en samelewingsbydraes op die kerk en tradisie het veroorsaak dat *inhoud* nie letterlik nie, maar al hoe meer hermeneuties gelees word. Daar word nou gesoek na die "saak waaroor dit gaan" in elke belydenis. Die vierde hoofstuk wys hoe die NG Kerk in ´n identiteitsoekende fase is waarin diversiteit as ´n nuwe verskynsel in die identiteit van die kerk geïnkorporeer moet word. Gevolglik is daar baie besprekings tussen diverse partye, maar is daar nog nie gekyk na die rol wat die legitimasie-verklaring sou kon speel in die fasilitering van die skep van nuwe identiteit en eenheid nie. Daar is eerder net ´n herbeklemtoning dat interpretasie belangrik is met geen uitbreiding op hoe hierdie interpretasie moet geskied nie. Dit los die betekenis van die legitimasie-verklaring vaag.

2) Respekteer die legitimasie-verklaring ´n gereformeerde belydenis verstaan?

Veral hoofstuk drie toon aan hoe die kerk se besprekings oor die plek van belydenis in die kerk wel in lyn is met ´n gereformeerde belydenisverstaan. In die "altyd reformerende" karakter van gereformeerdheid is ´n oopheid vir die nuwe, maar dan moet daar ´n nuwe wees wat kom. As die aard van die binding aan die belydenisskrifte lê in die "saak waarom dit gaan" bly die vraag oor hoe ´n mens dan by die saak moet uitkom ´n ope vraag. Dít is die "nuwe" waarna ons moet soek as ons nie net die verbeterbare van dit wat was wil afbreek nie, maar ook ´n alternatief vir die bou van die nuwe wil

aanbied. Op die oomblik is die NG Kerk se geloofsinhoud onseker, omdat daar nie gesamentlike interpretasie van die inhoude van Skrif en belydenis is nie. Gereformeerde belydenis gaan oor die inhoud wat bely word soveel as wat dit gaan oor die lewendige en veranderende aard van belydenis.

3) Help die legitimasie-verklaring vandag vir predikante om ´n mate van eenheid onder hulle te bring in terme van hulle spreke oor God?

Dit vloei uit die vorige dat die legitimasie-verklaring nie regtig meer vir predikante help wanneer dit kom by ´n eenheidsvormende leer nie.

Gevolgtrekking

Die hermeneutiese vrae wat gevra kan word oor die legitimasie-verklaring (ek is seker daar is meer as die drie waarop ek gefokus het) is vrae wat nie op die oomblik deur die kerk op ´n genoegsame wyse aangespreek word nie. Daarom moet daar weer oor die aard en implikasies van die legitimasie-verklaring besin word. Belangriker nog as dit, is dat die potensiaal van ´n herbessinning raakgesien moet word. Die legitimasie-verklaring kan ´n ongelooflike hulp wees met die vorming van identiteit en eenheid as dit opnuut ontgin word. ´n Goeie formulering van hierdie verklaring kan vir predikante help om te verstaan waarin ons ons identiteit en eenheid as belydende geloofsgemeenskap vind. Dít kan weer wondere doen vir ander gesprekke en besluite in die kerk (neem bv. die homoseksualiteitsdebat) deurdat dit vir ons weer ´n basisvertrekpunt gee. Nie in ´n spesifieke geloofsinhoud nie, maar in ´n hermeneutiek wat vir ons by ´n goeie geloofsinhoud kan bring.

´n Voorstel

Belhar help vir ons om die belang van ondertekening te verstaan. Die ondertekening van Belhar is nie iets wat enige persoon in die NGK (of die VGK) ligtelik sal doen nie. Dit is ´n ondertekening waarin die inhoud van die belydenis op ´n kontekstuele wyse tot jou spreek en jou dan oproep om jou belydenis volgens jou lewe in te rig. So moet alle belydenisse vir ons wees. Belhar is dit vir ons omdat die historiese omstandighede daarvan nog vars in ons geheue is, dit is egter nie vir alle ondertekenaars waar ten opsigte van die ander belydenisse nie.

Vir die ander belydenisse het ons ´n verantwoordelike hermeneutiek nodig sodat ons die konteksgetrouheid daarvan kan verstaan. Die legitimasie-verklaring sou dalk vir ons meer beteken het as ons onderteken het dat ons ons verbind tot ´n verantwoordelike hermeneutiek ten opsigte van Skrif en Belydenis en die verhouding wat daartussen bestaan. Hoe sou so ´n verantwoordelike hermeneutiek lyk?

Dit moet ´n hermeneutiek wees wat leer by filosofie oor taal, hermeneutiek en kulturele denkwyses; by sosiologie oor die verhoudings tussen kultuur, godsverstaan en lewe; by antropologie oor simboliese sisteme van mense; by sielkunde oor die verhouding tussen die mens en ´n geprojekteerde god; by natuurwetenskappe oor hoe ons ons aarde en dit wat daarin en daarom is beter kan verstaan; by hermeneute oor hoe om hierdie kompleksiteite saam te voeg tot ´n geheel wat sin maak en iets aan ons kommunikeer. (Die publiek van akademie.)

Hierdie hermeneutiek moet die samelewing in ag neem waarin dit probeer interpreteer. Die invloed wat die samelewing onbewustelik het op interpretasie-keuses moet verreken word, maar ook die invloed wat die samelewing behoort te hê op betekenisvorming van interpretasies. Die samelewing moet geken word as globaal, postmodern en identiteitsoekend. ´n Samelewing met VIGS, armoede en ekologiese krisisse. (Die samelewingspubliek.)

Hierdie hermeneutiek moet ook getrou bly aan die gereformeerde, en Christelike, tradisie waarin ons staan (publiek van tradisie).

Vir so ´n hermeneutiek help die kriteria wat Brümmer gebruik (kyk hoofstuk 1). Ek vermoed dat ´n binding aan ´n tipe hermeneutiek ´n geloofskeuse is wat die NG Kerk kan saambind. So ´n keuse is ´n belydenis in sigself, dit bely dat ons glo dat God met mense werk soos wat hulle is binne hulle omstandighede en dat ons vir God op daardie manier sal bly soek en bly verkondig.

Hoe sou so ´n legitimasie-verklaring lyk? Dalk sou die eerste vier punte verwerk kon word tot iets soos die volgende:

> Ek, die ondergetekende, ... oortuig van my roeping deur die Here en toegelaat tot die openbare bediening van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verklaar hiermee voor die Here:

1. Dat ek glo dat die belydenisse van die drie algemene belydenisskrifte; die drie Formuliere van Eenheid – die Nederlandse Geloofsbelydenis (*Confessio Belgica*), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls; en die Belydenis van Belhar op ´n kontekstuele wyse in ooreenstemming is met die Woord van God; ´n wyse wat ek net kan verstaan binne ´n verantwoordbare hermeneutiese lees van die Skrif;

2. dat ek sal voortgaan om op ´n konteksgetroue wyse te soek na die mees verantwoordelike manier waarop ek God se woord kan verkondig binne die realiteite van my samelewing vandag en in samehang met die gereformeerde tradisie waarin ek staan;

3. dat ek alle persoonlike of gemeenskaplike belydenisse/leerstellings oor God sal onderwerp aan ´n hermeneutiese lees van die Skrif wat die bydraes van alle ter sake vakwetenskappe in oorweging neem;

4. dat, indien ek later enige beswaar of ander insig oor so ´n hermeneutiese omgang met Skrif en belydenis ontwikkel, ek dit aan ´n bevoegde kerkvergadering vir ´n bespreking en besinning sal voorlê;

5. dat ek bewus is daarvan dat die belydenisse en belydenisskrifte nie alles wat daar oor God gesê kan word uitput nie en dat daar daarom in die toekoms weer opnuut en anders bely sou kon word.

Bibliografie

2004a. *Die kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met Reglemente, Kerkordelike Riglyne en Funksionele Besluite soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Oktober 2004.* Wellington:LuxVerbi.

2004b. *Agenda vir die twaalfde sitting van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk:Deel II.* Hartenbos. 10 Oktober-15 Oktober.

2004c. *Handleiding vir die twaalfde sitting van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Hartenbos. 10 Oktober-15 Oktober.

2005. De Remonstrantie. *De remonstranten* [aanlyn]. Beskikbaar: http://www.remonstranten.org/archief/historisch/hisremonstrantie.htm. [18 Julie 2007].

2006. Kerkhereniging van die familie van NG Kerke (persverklaring). *Kerkweb: Amptelike webblad van die NG Kerk* [aanlyn]. Beskikbaar: http://www.ngkerk.org.za/persverklaring.asp?pid=19&sinid=22 [17 Maart 2007].

2007a. *Agenda vir die dertiende vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk:Deel I.* Boksburg. 4 Junie -8 Junie.

2007b. *Agenda: Aanvullende verslae vir die dertiende vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Boksburg. 4 Junie – 8 Junie.

Adonis, JC. 2006. The history of Belhar. *NGTT,* 47(1&2):235-239, Maart en Junie.

Barth, K. 1964. *The Heidelberg Catechism for Today.* London:Epworth Press. 17-34

Botman, HR. 2006. Barmen to Belhar: A contemporary confessing journey. *NGTT.* 47(1&2):240-249, Maart en Junie.

Britz, RM. 2002. Twee standpunte oor die Skrif ... en ´n dilemma vir die NG Kerk. *In* Coertzen, P. (red) *350 Jaar Gereformeerd:1652-2002.* Bloemfontein:CLF-Drukkers. 89-102.

Brümmer, V. 1992. *Speaking of a personal God: An essay in philosophical theology.* Cambridge:Cambridge University Press. 1-67.

Brümmer, V. 2006. *Brummer on meaning and the Christian Faith.* (Kopie van die oorspronklike).

Burger, CW. 2001. Reformed liturgy in the South African context. *Acta Theologica.* 21(2):5-22, Desember.

Burger, CW. & Wepener, C. 2004. Die predikantsamp. Deel 1: Onduidelikheid oor die kerninhoud van die predikantsamp. *NGTT.* 45(1&2):6-14. Maart en Junie.

Cilliers, AP. 2004. Geloof in die spanningsveld van tradisie en empirie. *NGTT.* 45(3&4):777-786. September en Desember.

De Jong, PY. 1980. *The Church's witness to the world.* Ontario:Paideia. 15-54; 75-134.

Dingemans, GDJ. 1996. Practical theology in the acadamy: A contemporary overview. *The Journal of Religion.* 76(1):82-96.

Du Plooy, A. le R. 1991. ´n Inleidende bespreking oor die aard en gesag van die binding aan die belydenisskrifte. *In die Skriflig.* 25(1):71-95.

Durand, JJF. 1984. ´n Belydenis – was dit werklik nodig? *In* Cloete, GD & Smit, DJ (red.s). *´n Oomblik van waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van ´n* status confessionis *en die opstel van ´n konsepbelydenis.* Kaapstad:Tafelberg-Uitgewers. 39-48

Du Toit, S., & Coertzen, P. 2000. Die herkoms van die legitimasieverklaring. *NGTT.* 41(3&4):239-259. September en Desember.

Guthrie, SC. 1994. *Christian doctrine.* Louisville:Westminster/John Knox Press. 1-35.

Hofmeyr, JW. 2002. Die NG Kerk op pad na verdere vernuwing vanuit sy historiese tradisie. *In* Coertzen, P. (red) *350 Jaar Gereformeerd:1652-2002.* Bloemfontein:CLF-Drukkers. 244-251.

Jonker, WD. 1994. *Bevrydende waarheid: die karakter van die gereformeerde belydenis.* Wellington:Hugenote-Uitgewers. 123-151.

Kuyper, A. 1982. *Kerken-ordening gesteld in de Nationale Synode der Gereformeerde Kerken, te zamen beroepen en gehouden binnen Dordrecht in de jaren 1618 en 1619, met aanwijzing van hetgeen door de staatkundige gebeurtenissen sints 1619 ophield te werken.* S.I:s.n.

Ottati, DF. 2006. *Theology for liberal presbyterians and other endagered species.* Louisville:Geneva Press. 34-48.

Smit, DJ. 1984. Wat beteken *status confessionis? In* Cloete, GD & Smit, DJ (red.s). *´n Oomblik van waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van ´n* status confessionis *en die opstel van ´n konsepbelydenis.* Kaapstad:Tafelberg-Uitgewers. 14-38

Smit, DJ. 1992. Reformed theology in South Africa: A story of many stories. *Acta Theologica.* 12(1):88-110.

Smit, DJ. 1999. Spirituality, worship, confession, and church unity. *In* Cunningham, DS. et.al. (red) *Ecumenical theology in worship, doctrine, and life: Essays Presented to Geoffrey Wainwright on his Sixtieth Birthday.* Oxford:Oxford University Press. 271-279.

Smit, DJ. 2000. Social transformation and confessing the faith? Karl Barth's view on confession revisited. *Scriptura.* 72:67-85.

Smit, DJ. 2002. Bely en beliggaam. *In* Coertzen, P. *350 jaar gereformeerd.* Bloemfontein:CLF. 357-371.

Smit, DJ. 2003. Can we still be reformed? Questions from a South African Perspective. *In* Alston, WM., & Welker, M. (reds). *Reformed theology: identity and ecumenicity.* Grand Rapids:Eerdmans. 233-256

Smit, DJ. 2006. "Bevrydende waarheid?" Nagedink oor die aard van gereformeerde belydenis. *Acta Theologica.* 26(1):134-158. Junie.

Steyn, GJ. 2005. Die NG Kerk se identiteitskrisis Deel 1: Aanloop, terreine van beïnvloeding en reaksies. *NGTT.* 46(3&4):550-559. September en Desember.

Strauss, SA. 2005. Reformed theology for the 21st century: confessional, contextual and ecumenical. *Acta Theologica.* 25(2):141-159.

Thompson, B. et.al. 1963. *Essays on the Heidelberg catechism.* New York:United Church Press. Hfst. 1, 6.

Tracy, D. 1981. Christian theology and the culture of pluralism. *The analogical imagination.* London:SCM Press. 3-46.

Tshaka, RS. 2006. A need for a consensus on an interpretation of a reformed confession? Karl Barth's Interpretation of a confession as a basis for further discussion. *NGTT.* 47(3&4):689-696. September & Desember

Van der Watt, J. 2005. Huidige uitdagings vir die Ned Geref Kerk rakende fasette van Skrifhantering. *NGTT.* 46(1&2):247-259. Maart en Junie.

Wainwright, G. 1980. *Doxology:The Praise of God in Worship, Doctrine and Life.* London:Epworth Press. 1-14, 218-283

Bronne Geraadpleeg[33]

2005. *Statistics South Africa.* Beskikbaar: http://www.statssa.gov.za/. [16 Julie 2007].

2006. Die volledige diens in oorsig in *Kerkweb: Amptelike webblad van die NG kerke.* [Aanlyn]. Beskikbaar:http://www.ngkerk.org.za/handleidings.asp?id=13&katid=20&posisie=1&sinid=22&status=b [3 April 2007].

Bauman, Z. 1992. *Intimations of postmodernity.* London:Routledge. vii-xxvii; 1-25.

Bayer, O. 2002. Hermeneutical Theology. *In* Pokorný, P. & Roskovec, J. (red). *Philosophical Hermeneutics and Biblical Exegesis.* Tübingen:Mohr Siebeck. 103-120.

Bediako, K. 1995. *Christianity in Africa: The renewal of a non-western religion.* Edinburgh: Edinburgh University Press. 59-74.

Botman, R. 2007. *The Social Context.* Wellington.

Brown, D. 1999. *Tradition & imagination:Revelation & Change.* Oxford:Oxford University Press.

Burger, CW. 2004. Die predikantsamp. Deel 4: Predikantwees in die Gereformeerde tradisie in die 21ste eeu – nuwe uitdagings en nuwe tendense. *NGTT.* 45(3&4):529-537. September en Desember.

Castells, M. 2004. *The Power of identity.* London:Blackwell. 1-75; 303-366, 419-428.

Celliërs, A. & Strauss, PJ. 2004. Skrif en kerkorde. *Acta Theoligica.* 24(2) :1-22.

Cilliers, JH. 2002. *Justificatio populi?* 'n Homileties-analitiese perspektief op Nederduitse Gereformeerde volksprediking uit die jare 1960-1980. Coertzen, P. (red) *350 Jaar Gereformeerd:1652-2002.* Bloemfontein:CLF-Drukkers. 120-133.

[33] Sien voetnota 6. Hier is ook bronne wat meer direk aansluit by die werkstuk en 'n paar wat vir my gehelp het om die noodsaaklikheid van 'n herbesinning van die legitimasie-verklaring in te sien in terme van die effek wat dit op lidmate se geloofslewens kan hê.

Cilliers, J. 2006. *God for us?: an analysis and assessment of Dutch Reformed preaching during the apartheid years.* Stellenbosch:Sun Press.

Cilliers, J. 2007. *Religious and cultural transformations and the challenges for the churches – A South African Perspective.* Wellington.

Conradie, E. et.al. 1995. *Fishing for Jonah:Various approaches to biblical interpretation.* Bellville:University of the Western Cape.

Cornell, D. 2000. Rethinking the beyond within the real (response to Rasch). *In* Rasch, W. & Wolf, C. (red) *Observing Complexity:Systems Theory and Postmodernity.* Minneapolis:University of Minnesota Press. 99-108.

Davis, C. 1997. Revelation and critical theory. *In* Avis, P. (red) *Divine revelation.* London:Darton, Longman and Todd. 87-99.

Gerrish, B. 1999. Tradition in the modern world: The reformed habit of mind. *Toward the future of reformed theology: tasks, topics, traditions.* Grand Rapids:Eerdmans. 3-20.

Gibbs, E. & Coffey, I. 2000. *Church next: Quantum changes in Christian ministry.* Leicester:Inter-varsity Press. 17-32.

Grech, P. 2002. Inner-biblical reinterpretation and modern hermeneutics. *In* Pokorný, P. & Roskovec, J. (red). *Philosophical Hermeneutics and Biblical Exegesis.* Tübingen:Mohr Siebeck. 221-237.

Hendriks, HJ. 2007. *Responsible evangelism in a Post-modern society in the presence of God: Locally contextual, socially constructed and interdisciplinary.* Wellington.

Hick, J. 1985. *Problems of religious pluralism.* London:Macmillan Press. 16-27.

Kourie, C. 2000. What is Christian spirituality? In Kourie, C & Kretzschmar, L (red.s), *Christian Spirituality in South Africa.* Pietermaritzburg: Cluster. 10-29.

Lefebvre, S. 2002. Hermeneutic, Biblical texts and interdisciplinary Dialogue. The questions of creation and Cosmology. *In* Pokorný, P. & Roskovec, J. (red). *Philosophical Hermeneutics and Biblical Exegesis.* Tübingen:Mohr Siebeck. 340-344.

Leith, JH. 1990. *From generation to generation: the renewal of the church according to its own theology and practice.* Louisville:Westminster/John Knox Press. 82-140.

Letsosa, R. 2007. *Responsible evangelism in a post-modern society/culture in a South African black context.* Wellington.

Meylahn, J-A. 2007. "I am the way and the truth and the life. No one comes to the Father except through me (John 14:6)." Fundamental Postfoundational Evangelism in a postmodern plural society. R*eferaat gelewer by die Jaarlikese vergadering van die vereniging van praktiese teologie in Suid-Afrika,* Wellington, 17-19 Januarie 2007.

Migliore, DL. 1991. *Faith seeking understanding: an introduction to Christian theology.* Grand Rapids:Eerdmans. 1-39; 40-56.

Müller, BA. 2006. Liturgie as agent in tranformasieprosesse. *NGTT.* 47(3&4):600-608. September & Desember.

Nauta, R. 1995. *Ik geloof het wel: Godsdienstpsychologische studies over mens en religie.* Assen:Van Gorcum.

Pargament, KI. 1997. *The psychology of Religion and Coping: theory, research, practice.* New York:Guilford Press. 34-68.

Smit, DJ. 1984. "In a special way the God of the destitute, the poor, and the wronged." *In* Cloete, GD. & Smit, DJ. (red) *'n Oomblik van waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n* status confessionis *en die opstel van 'n konsepbelydenis.* Kaapstad:Tafelberg. 53-65.

Smit, DJ. 1988. Wat is Gereformeerde spiritualiteit? *NGTT*. (2):182-193.

Smit, DJ. 2006. Barmen and Belhar in conversation – a South African perspective. *NGTT*. 47(1&2)291-301.

Smit, DJ. 2006. Lex orandi, lex credendi, lex (con)vivendi? – Oriënterende inleiding tot liturgie en etiek in *Buvton:Buro vir voortgesette Teologiese onderrig*. [Aanlyn]. Beskikbaar: http://academic.sun.ac.za/buvton/Navorsing/navorsingsbydraes.htm. 2 April 2007.

Smith, HL. 1995. *Where two or three are gathered: liturgy and the moral life*. Cleveland:Pilgrim Press. 1-7, 169-205.

Szücs, F. 2002. Reformed dogmatics as a Hermeneutical Circle between Exegesis and Preaching. *In* Pokorný, P. & Roskovec, J. (red). *Philosophical Hermeneutics and Biblical Exegesis*. Tübingen:Mohr Siebeck. 345-351.

Wimberley, EP. 1999. Liturgy and narrative psychology in the formation of self. *In* Rector, LJ. & Santaniello, W. (red) *Psychological perspectives and the religious quest*. Lanham:University Press of America. 173-180.

Addendum A:

Skrif by die Algemene Sinode 2004

5. SKRIFGEBRUIK EN SKRIFGESAG

Die Algemene Sinode keur die volgende verklaring goed en verwys dit na gemeentes en ringe vir bespreking:

1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk bely, as kerk wat in die Gereformeerde tradisie staan, dat die Bybel die Woord van God is en dat dit daarom:

* *gesag* het oor ons hele lewe, omdat dit aan ons betuig dat ons nie aan onsself behoort nie, maar aan die Here, sodat ons geroep word om in vertroue op Hom en in gehoorsaamheid aan Hom te leef;
* *betroubaar* is, omdat ons vas glo dat God werklik is soos Hy Homself in die Skrif aan ons bekend maak: die Vader, Seun en Gees wat uit genade ons God is;
* *duidelik* is, omdat die kerk hierin die helderheid van die evangelie van God se liefde en genade hoor;
* *voldoende* is, omdat die Heilige Gees ons deur die Bybel alles leer wat ons hoef te weet om in God te glo en om sy wil te gehoorsaam (vlg NGB Artikel 7).

Daarom bely ons steeds gelowig dat dié waarheid bo alles is.

2. Soos nog altyd vir die Gereformeerde tradisie, beteken hierdie belydenis vir ons nié:

* dat die Bybel vereis dat ons ons denkvermoë, wat ´n gawe van God is, moet opoffer nie;
* dat die Bybel gesien kan word as ´n eksakte handboek vir historiese of wetenskaplike kennis nie;
* dat die hele Bybel so maklik is om te verstaan dat enige mens selfstandig en onmiddellik alles daarin kan begryp nie;
* dat die Bybel vir ons die volle kennis oor alle aspekte van die werklikheid gee, sodat geen verdere menslike nadenke of navorsing nodig is nie.

3. Ons bely verder dat God deur die Heilige Gees die kerk deur die eeue in die waarheid van hierdie Woord lei. Dit beteken vir ons dat ons die Skrif as die lewende Woord van God hoor in gemeenskap met die Heilige Gees en met mekaar. Daarom was die kerke in die Gereformeerde tradisie nog altyd oortuig van die belangrikheid van ´n verantwoordelike interpretasie van die Skrif waardeur die kerk as geloofsgemeenskap onder leiding van die Heilige Gees soek na die waarheid, geregtigheid en barmhartigheid wat God deur sy Woord in ons tot stand bring. Hierdie oortuiging dat die kerk die Skrif moet interpreteer, blyk onder meer uit:

* die klem wat van die begin af gelê is op ´n grondige kennis van die oorspronklike tale (Hebreeus, Grieks en Aramees) waarin die Bybel geskryf is, asook die soeke na die beste metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg;

* die beklemtoning dat die hele Skrif gelees moet word in die lig van die konteks waarin dit ontstaan het, sodat die tyd- en kultuurbetrokkenheid daarvan verreken kan word in die uitleg;
* die soeke na reëls vir die uitleg van die Skrif (voorbeelde van sulke uitlegreëls uit ons tradisie is: dat die Skrif as totaliteit gelees moet word, dat Skrif met Skrif vergelyk moet word en dat die moeiliker dele in die lig van die makliker dele vertolk moet word en dat die Skrif uit sy hart, die evangelie van Jesus Christus, verstaan moet word);
* die onderskeid wat in die uitleg van die Skrif gemaak is tussen verskillende dele van die Skrif wat ´n verskillende soort gesag het (byvoorbeeld die onderskeid tussen die historiese en normatiewe dele van die Skrif, asook die onderskeid tussen die kultiese en morele wetgewing);
* die dankbare, maar kritiese luister na die manier waarop die Skrif in die geskiedenis van die kerk uitgelê is en in ons eie tyd deur medegelowiges in ons eie kerk en ander kerke uitgelê word;
* die vestiging van kerklike praktyke vir die interpretasie van die Skrif, soos veral die prediking, maar ook kategese, Bybelstudie, teologiese studie en andere;
* en veral ook in die daarstel van belydenisskrifte waarin die kerk streef om die hart van die Skrifboodskap duidelik te vertolk en gehoorsaam te aanvaar.

4. Hoewel die kerk in elke tyd anders mag oordeel oor die beste reëls en metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg, bly dit vir ons ´n basiese oortuiging dat die belydenis van die Skrif as Woord van God nooit teenoor verantwoordelike Skrifuitleg staan nie. Die belydenis roep ons juis op om onsself, in gemeenskap met mekaar en met al die gawes wat God vir sy kerk gegee het, toe te lê op die soeke na die waarheid.

5. In die lig van hierdie belydenis glo ons dat God ook in die uitdagende tye waarin ons leef, sy kerk deur sy Woord en Gees in die waarheid sal lei. As Gereformeerdes verbind ons ons daartoe om, ook wat die komplekse leerstellige en etiese kwessies van ons tyd betref, in hierdie oortuiging saam te soek na waarheid, geregtigheid en barmhartigheid. Ons glo dat hierdie soeke ´n ekumeniese strewe is, in verbondenheid met die kerk van alle eeue en die kerk dwarsoor die wêreld. Waar ons van mekaar verskil, glo ons dat ons in gesprek met mekaar moet bly, in die gebed dat God ons liefde al meer sal laat toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom (Filippense 1:9-10).

Addendum B:

GEREFORMEERDE IDENTITEIT

1. OPDRAG

Die **Algemene Sinode van 2004** het die volgende aanbevelings aanvaar, waarin die opdrag vir dieTaakspan Leer en Aktuele Sake (ATLAS) vervat is:

1.1 *Die Sinode erken dat daar ingrypende meningsverskil in die NG Kerk bestaan oor die gesag, inhoud en verstaan van die Gereformeerde belydenis en spiritualiteit.*

1.2 *Die Sinode versoek die Taakspan Leer en Aktuele Sake om beskrywingspunte van kerkrade, ringe en sinodes aan te vra met betrekking tot die gesag en vertolking van die Skrif, die inhoud en gesag van die Gereformeerde belydenis asook die begrip van die Gereformeerde kerkinrigting (erediens, liturgie,sakramente, spiritualiteit) en kerkreging (gesag van Algemene Sinode, verhouding Sinode/Algemene Sinode).*

1.3 *Die Sinode versoek die Taakspan Leer en Aktuele Sake om inklusiewe studiegroepe saam te stel na aanleiding van die ingekome beskrywingspunte met verslag aan die volgende Algemene Sinode.*

Die opdrag van die sinode aan die *Taakspan Leer en Aktuele Sake* fokus op gereformeerde belydenis en spiritualiteit. Dit het egter gou geblyk dat die opdrag (veral in punt 1.2) baie wyd en omvattend is en dat dit in der waarheid ´n onmoontlike taak is om in een opdrag te vervat en in een verslag opgeneem te word. Uiteindelik gaan dit oor die omvattend vraag na die aard van Gereformeerdheid. Dit is ´n opdrag met ´n meer omvattende en oorsigtelike aard as om byvoorbeeld net oor die gereformeerde kerkbegrip te skryf. Die prosesopmerkings in die verslag beklemtoon die noodsaaklikheid van wye raadpleging en inklusiwiteit.

Teen hierdie agtergrond moet die verslag verstaan word as ´n poging om die eie aard van die lidmate van die NG Kerk te beskryf. Aan die een kant is dit ´n beskrywing van die werklikheid, maar andersyds is dit ook die formuleer van ´n ideaal. Ons is so, maar moet ook so wees en word. Dit is meer as ´n ekklesiologie juis omdat gereformeerdes die lewe voor God as meer as net ´n lewe in die kerk verstaan. Uiteraard word hierin ook heelwat oor die kerk geskryf en het alles ´n invloed op die kerkbegrip van die NG Kerk.

In ´n paar sinne moes groot en wydreikende waarhede onder woorde gebring word. Nie alles wat gesê kan word, is hiermee gesê nie, maar dit is ´n poging om die kern wat ons bymekaar hou, te beskryf.

2. WERKSWYSE

Die volgende werkswyse is gevolg :

2.1 Bestaande publikasies oor gereformeerde spiritualiteit van Suid-Afrikaanse teoloë is as basis gebruik. Verdere bydraes van teoloë wat nie deel is van ATLAS nie, is ook aangevra. Sover moontlik is sinodes se studiestukke oor die saak ook verreken.

2.2 Gesprekke is met ADGO (op hulle inisiatief) gevoer en die werksdokument van ATLAS is tot hulle beskikking gestel. Hulle kommentaar op die werksdokument is aangehoor en verwerk. Dit was vir ATLAS duidelik dat daar raakvlakke tussen die twee taakspanne se opdragte is, maar ook wesenlike verskille in fokus. Uiteindelik behoort beide verslae die saak waaroor dit gaan, te dien.

2.3 Die werksdokument is met ´n groep lidmate in vyf sessies deurgewerk en hulle kommentaar is daarin verreken.

2.4 ATLAS wou ´n bevatlike dokument opstel wat lidmate sou kon help. Eenvoud en woordekonomie is as vereistes aanvaar. Dit bring mee dat daar waarskynlik op verskeie punte te min gesê word.

2.5 Die uitgangspunt in die verslag is dat die gereformeerde aard van die NG kerk histories verstaan moet word. Ons het gaan kyk na ons wortels om te probeer beskryf hoe ons vandag onsself as gelowiges uit die gereformeerde tradisie verstaan.

2.6 Daar is aanvanklik oorweeg om ´n verslag oor die doop as bylae by hierdie verslag aan te heg. In die lig daarvan dat die Algemene Sinode ´n baie spesifieke opdrag met betreking tot die doop gegee het, word ´n aparte selfstandige verslag oor die saak uitgebring.

2.7 Verskeie teoloë het aan die verslag gewerk en insette is ook verkry van persone buite die aangewese lede van ATLAS. Veral die volgende persone kan, met groot dank aan hulle, hier genoem word: Proff PJ Naudé, DJ Smit, drr A Cilliers, JD Kirkpatrick, BJ du Toit (sameroeper) JJ Gerber, AL Bartlett, C Janse van Rensburg en WJ Botha (skriba).

3. AGTERGROND

Die afgelope paar jaar het die NG Kerk ´n proses deurgemaak waarin diversiteit as positiewe werklikheid leer ken is. Ons is nie meer ´n kerk waar alles orals dieselfde is nie. Eenvormigheid is nie die ding wat ons bymekaar hou nie. Wat nou belangrik is, is om te vra of daar binne hierdie werklikheid van diversiteit iewers ´n gemeenskaplike kern is. ´n Kern wat kan help dat die diversiteit tog nie sonder eenheid sal wees nie. Die vraag is: Is daar ´n kampvuur waar rondom ´n diverse klomp mense kan hande vat en warm harte beleef? Ja, verseker! Wanneer die NG Kerk oor ´n kern-identiteit helderheid het, kan die diversiteit nie net verdra word nie, maar as deel van die kerk se rykdom gevier word! Dit maak die besinning oor die NG Kerk se Gereformeerdheid van deurslaggewende belang. Wat hierop volg, is ´n poging om so eenvoudig as moontlik die saambindende kern te beskryf. Ter wille van ons selfverstaan en ander se begrip vir wie ons is, moet ons probeer sê wie ons is. Die volgende uiteensetting probeer die konsensuspunte in die besinning oor ons identiteit weergee. Dit moet nie verstaan word as beskrywing van hoe ons beter as ander is nie, maar tog wel waarin ons identiteit geleë is. Dit staan dus nie teenoor ons verbintenis aan die breë ekumeniese kerk nie. Dit is moontlik om opgewonde te raak oor die tradisie waarin jy staan sonder om afbrekende stories oor ander tradisies te vertel.

3.1 WAAR PAS ONS IN DIE GROTER PRENTJIE?

Voordat ons kom by die beskrywing van ons kern-identiteit, net eers `n paar opmerkings oor die onderskeie tradisies in die Christendom. Die Christelike geloof het in ´n hele paar tradisies ontwikkel – elk met sy eie kenmerke - terwyl basiese waarhede tog genoeg ooreenstem dat ons van een Christelike familie kan praat. Onderstaande omskrywings moet nie in ´n absolute sin verstaan word nie. Dit is byvoorbeld nie die

bedoeling om te sê dat dit slegs in die Protestantse tradisie is waar die Bybel belangrik is nie. Dit sou lei tot skewe voorstellings. Dit is ´n geval van aksente.

3.1.1 In die Katolieke en Ortodokse tradisies staan die sakramente sentraal, is die kerklike tradisie normatief, en word kerklike gesag hiërargies vergestalt.
3.1.2 In die Pentekostalistiese tradisie staan die vrye werking van die Gees sentraal, is profetiese insig in elke nuwe tyd normatief, en word kerkverband onderbeklemtoon ten gunste van vrye individuele gemeentes met sterk leiers.
3.1.3 In die Protestantse tradisie staan die Bybel sentraal, is belydenisskrifte omdat hulle met die Bybel ooreenstem normatief, en word kerklike gesag Christologies en binne kerkverband verstaan (Christus is die enigste hoof en kerkleierskap is posisies van diens en nie van heers nie). Wat nou volg, beskryf die Gerefomerde gesig van die kerk van Jesus Christus.

Dit is belangrik om te weet dat Gereformeerdes uit die breëre stroom van die Protestantisme stam met sy oorsprong in 16de eeuse Europa. As “protesteerders” teen die destydse afgewaterde evangelie in die Rooms-Katolieke Kerk, was dit ´n poging om die kerk van binne te hervorm (“reformeer”). Dit het deur ´n bittere geloofstryd en vervolging uiteindelik op die vorming van nuwe kerke uitgeloop: aanvanklik Lutheraanse en Gereformeerde kerke, en later vele meer, insluitende byvoorbeeld Presbiteriane en Metodiste. Langs die omweg van die Nederlande het die Gereformeerde geloof die suidpunt van Afrika bereik en mettertyd is ´n groot aantal inheemse kerke tot in Midde- en Oos-Afrika gevorm. Vandag is die Gereformeerde verstaan van die evangelie tuis in talle kontekste oor die hele wereld.

Die historiese perspektief is noodsaaklik. Ons moet weet waar ons vandaan kom en erken dat ons gereformeerde wortels ons verstaan van die Bybel tot vandag toe beïnvloed. Sonder hierdie wortels kan daar nie nuwe vrugte wees nie. Maar waar die wortels sterk is en diep lê, sal daar nuwe vrugte gedra word. Daarom moet gereformeerd wees beskryf word vir ons eie tyd en die taal van ons eie tyd. Gereformeerdes
werk nie met ´n gestolde waarheidsbegrip nie. Die gereformeerde vaders het as deel van die tradisie stemreg in die besluit oor gereformeerdheid, maar nie veto-reg nie. Eietydse besinning van teoloë moet ook gehoor word. Die boodskap van die Christelike geloof moet telkens weer nuut verstaan word teen die agtergrond van die eise van die tyd. Dit beteken egter nie noodwendig ´n gewilde boodskap nie. Die eis vir eietydse formulerings het met verstaanbaarheid en relevansie te make en is nie ´n poging om die evangelie in gewilde bemarkingstaal te verpak nie. Hier moet die kerk seker maak dat die verbruikersmentaliteit, wat so maklik die spirituele karakter van die kerk en hulle boodskap kan bepaal, nie die laaste sê het nie.

3.2 DIT HOU ONS BYMEKAAR

Ons maak nie daarop aanspraak dat ons die volle waarheid by ons het nie. Maar oor die volgende sake voel ons regtig sterk en dit lê in die hart van ons verstaan van die evangelie. `n Mens sou met `n skets dit so kon voorstel:

DIE KERN VAN DIE KERN: ´n GERIGTHEID OP GOD.

Vir die gelowige gaan dit in die eerste plek oor ´n gerigtheid op God. Die eerste woord wanneer ons oor die NG Kerk se identiteit praat, kan nie “gereformeerd” wees nie. Ons is nie in die eerste plek “gereformeerdes” nie. In die eerste plek is ons ”Christene”, mense wat aan God behoort. Die strewe is nie allereers om “Gereformeerd” te wees nie, maar om Christelik te wees. Daarom praat Calvyn in sy Institusie nie van die Gereformeerde geloof nie, maar van die Christelike geloof. Calvyn sou in elk geval nie die begrip gereformeerd kon gebruik het nie. Die latynse frase *coram Deo* (voor God) beskryf in ´n neutedop dit waaroor dit vir gereformeerdes gaan. Die lewe van ´n Christen is ´n lewe voor God. ´n Lewe gerig op God. Die simbole by gereformeerde kerke gee aan hierdie oortuiging uitdrukking. Die kerktoring, die simbole van die sakramente, die kruissimbool en die oop Bybel op die kansel vertel almal dieselfde storie. Dit gaan oor God. Al die ander formulerings met betrekking tot die gereformeerde identiteit wentel rondom hierdie kern.

3.2.1 Christus, Skrif, Genade en Geloof.

In die Gereformeerde teologie is daar oor die jare telkens teruggegryp na die boustene van die Reformasie en is die kernsake telkens nuut interpreteer. Een van die bondigste maniere om Gereformeerdheid uit te druk, is *via* die vier “*solas*”. Hierdie uitsprake moet telkens verstaan word as ´n reaksie teenoor standpunte waarmee die reformatore nie vrede gehad het nie.

3.2.1.1 Teenoor die tradisie soos vasgelê in leeruitsprake en kerklike beheer oor die uitleg van die evangelie, en teenoor natuurlike kennis van God, staan *sola scriptura* (net die Skrif).

3.2.1.2 Teenoor bemiddeling deur die priesteramp, staan *solus Christus* (net Christus).

3.2.1.3 Teenoor enige natuurlike grond waarop God ons sou red, staan *sola gratia* (genade alleen).

3.2.1.4 Teenoor enige vorm van goeie werke om jou vir God aanvaarbaar te maak, staan *sola fide* (geloof alleen). Oor elkeen van hierdie "*solas*" is daar met reg boeke vol geskryf. Hierdie *solas* kom uiteindelik vir gereformeerdes tuis onder die dak van *soli deo gloria* (aan God alleen die eer). Die "*solas*" was uiteraard aanvanklik teen die Rooms-Katolieke wanpraktyke van die 16de eeu gemik, maar word in nuwe tye altyd weer vanuit ander oorde onder druk geplaas. Hulle moet derhalwe telkens kontekstueel hersien word. Dit gee uitdrukking aan die leuse van die Reformasie dat ons altyd weer volgens die Skrifte moet reformeer (*semper reformanda*). ´n Verstokte Gereformeerde kerk is ´n kontradiksie in terme.

3.2.2 Die Heilige Gees.

Die feit dat Calvyn soveel klem op die werk van die Heilige Gees plaas, is tiperend van die teologie in gereformeerde konteks. Die lewe voor God is `n lewe in die kragveld van die Heilige Gees. Die sterk opkoms van kerke en groepe in die Pentekostalistiese tradisie in die laat 20ste eeu, vra vir ´n duideliker onderskeid tussen hierdie groepe en die Gereformeerde opvatting van die persoon en werk van die Heilige Gees. Natuurlik kan Gereformeerdes ook veel van hierdie broers en susters leer - oa hul sterk bewussyn van God se krag, hul gees van aanbidding, en hul ywer vir getuienis. Tog is daar klemverskille:

3.2.2.1 Betreffende die werking van die Heilige Gees, is daar vir Gereformeerdes ´n enger verbintenis tussen die Gees aan die een kant en God se bekendmaking in Jesus Christus en die Woord aan die ander kant. Gevolglik is daar minder ruimte vir "bonatuurlike visioene" en "vrye profesie" en val die klem op ´n soberder nadenke oor die Woord in elke nuwe konteks.

3.2.2.2 Betreffende die gawes van die Gees, verwerp Gereformeerdes die vooropstelling van een gawe (bv talespraak) as uitsluitlike teken van Geesvervulling. Klem val daarop dat alle gawes (genesing, lering, ensovoorts) tot opbou van die gemeente sal wees, en dat die liefde die allerbeste gawe van almal is.

3.2.2.3 Betreffende die "doop met die Heilige Gees", aanvaar Gereformeerdes dat Christene die heiligmaking moet najaag, maar terselfdertyd dat niemand kan bely dat Jesus die Christus is sonder die Gees nie. Daar is dus nie mense wat "meer" en "minder" van die Gees het nie, omdat God se Gees self ´n Persoon en dus onverdeelbaar is. ´n "Doping met die Gees" as aparte tweede en derde ervaring naas die bekering word dus afgewys, hoewel ons onder leiding van die Gees leer hoe om te bid, en toeneem in wysheid en insig in die wil van die Here. Daar is in die tradisie van "gelyktydig sondaar en geregverdig" natuurlik verskille in gehoorsaamheid en ´n wandel in die Gees; en mense kan (soos die Bybel leer) die werking van die Gees inderdaad weerstaan en selfs uitblus om later tot ´n nuwe wandel in die Gees te kom.

3.2.3 Die kerk.

3.2.3.1 Die kerk speel `n groot en belangrike rol in die lewe van gereformeerde gelowiges.

Die paar sinne wat nou hier volg, bedoel nie om ´n volledige uiteensetting van die leer oor die kerk te gee nie. Enkele opmerkings kan voldoende wees om die relatiewe belangrike rol van die kerk te beklemtoon. Daar word elders in hierdie dokumente weer oor die koninkryk gepraat, maar dit is ook hier nodig om iets oor kerk en

koninkryk te sê. Dit is een van die kenmerke van gereformeerdes se kerkbegrip dat **die geloof nie volledig opgaan in kerkwees nie. Die koninkryk is groter as die kerk**. Die kerk kan met reg teken of gestalte van die koninkryk genoem word. **Lidmate strewe nie na die verkerkliking van hulle lewens nie, maar na die verChristeliking daarvan**. Die konkreetheid en aardsheid van geloof staan op die voorgrond. Wat in die kerk gebeur, moet lidmate met die lewe in die Koninkryk help.

3.2.3.2 Die kerk het sy bestaan aan God te danke en behoort nie aan ons nie. Ons behoort aan God. Dit is God se geskenk aan die wêreld waardeur Hy ter wille van die wêreld werk. Die roeping van die kerk kan as Gestuurdes van God omskryf word. Die kerk behoort in wese altyd op die wêreld gerig te wees en op pad na die wêreld te wees. As instelling van God word dit gekenmerk deur `n verbintenis aan die Woord as identiteitsdokument, die viering van die genade in die bediening van die sakramente en die handhawing van die belydenis van die kerk. Wanneer oor gemeente-wees nagedink word, word twee sake in een asem genoem. Die gemeente is volledig kerk, maar is nie die hele kerk nie. Daarom verstaan Gereformeerdes die gemeente altyd as kerkin- verband en is daar `n afwysende houding teenoor vorme van kerkplanting wat om welsprekende individue gebou en buite enige verband gestig word. Die eenheid van die verband en eenheid met die hele Christelike familie is van deurslaggewende belang omdat Christus net een bruid het.

3.2.3.3 Die ampsbeskouing is van so `n aard dat leierskap in die kerk altyd die dienskarakter moet vertoon. Die **gelykwaardigheid** van die ampte **sluit heerskappy en hiërargie uit**. Die gereformeerde stelsel van kerkregering is op hierdie ampsbeskouing gebou. Die besluite van kerkvergaderings moet deurentyd aan die Woord gemeet word en dit is Christus wat deur Woord en Gees die kerk regeer.

3.2.4 Sakramente

Die manier waarop gereformeerdes die sakramente verstaan, vloei logies voort uit die “genade alleen“ en “geloof alleen“ oortuigings. Hoe ontvang ons die genade van God? Deur die geloof. **Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes. (NGB art 22)**. Die leegheid van geloof word in gereformeerde kringe beklemtoon. Geloof is nie ´n verskuilde poging om die mens weer aandadig aan sy verlossing te maak nie. In die geloof ontvang die sondaar wat die genadige God skenk. My geloof dra niks daartoe by dat God my genadig is nie. Dit is slegs die weg waarlangs ek ontvang. **Moet ek dus iets doen om gered te word? Ja, ek moet ontvang wat God skenk.** Ek moet rus in God se genade. Die uitgestrekte hand ontvang die nuwe hart wat God skenk (Esegiël). **Die uitgestrekte hand dien dan as simbool van geloof. Hierdie verstaan van wat geloof is, het ´n duidelike invloed op die identiteit van die mense in gereformeerde kerke**. Wie Jesus met al sy verdienste in die geloof omhels, leef dan uit hierdie nuwe verhouding en verstaan die sakramente in dié lig.

Die waarheid van die evangelie maak vry. Vry soos die wind om gehoorsaam te wees. **God is die voor ons nie. Hy is agter ons. Ons soek nie na God nie. Hy het ons gevind**. Uit hierdie vastigheid vloei daar die lewe van diens. Die mens wat bewus is van sy status voor God, se lewenstyl word deur dié status bepaal. Dit sou dus gesê kon word: Gereformeerdes is en behoort statusbewus te wees, want dit bring die styl van diensbaarheid in

hulle tot stand. Die gelowige is bewus van sy status as bevryde mens. Dit sluit in dat hy ook bewus is van sy status as bediende (vgl *kneg van die Here-tema in Jes 40 -55*).

In die Gereformeerde tradisie word **die sakramente gesien as "tekens en seëls" waardeur God ons help om te verstaan dat Hy ons eerste liefgehad het**. Dit is middele waardeur die Heilige Gees in ons werk om ons geloof te versterk. Dit help ons om iets van die Here se genade te verstaan. Die waarheid van die sakramente lê daarom nie in die tekens self nie en ook nie in die manier waarop die gebruiker dit ervaar nie, maar in Jesus Christus. Beide sakramente wil dus nie die aandag op die tekens self vestig nie, of op die een of ander geestelike ervaring van die gebruiker nie, maar dit is "daarvoor bestem om ons geloof op die offer van Christus as die enigste grond van ons saligheid te wys" (HK, Vr 67).

Die diepste verskil tussen die Gereformeerde doopbeskouing en die siening van voorstanders van die bekeringsdoop lê juis hier. Vir laasgenoemde dui die doop primêr op iets wat in die dopeling se eie lewe gebeur het. Dit is ´n getuienis van die dopeling se bekering en geloof. Vir Gereformeerdes wys die doop en nagmaal ons weg van onsself. Dit rig ons geloof op Christus se kruis en opstanding - sodat die sakramente gesien kan word as "sigbare evangelieverkondiging."

´n Ander manier om hierdie onderskeid te stel, is om te sê dat, vir Gereformeerdes, ons geloof op die sakramente rus en nie andersom nie. Die krag en betekenis van die sakramente berus nie op ons geloof (en geloofsbelewing) nie; ons geloof word gebou op en versterk deur die krag wat die sakramente in hulleself het as middele waardeur die Heilige Gees werk. Daarom is daar ook in die Gereformeerde sakramentsbediening ´n sekere soberheid en ´n bedagtheid daarop om doelbewuste emosionele belewing na te jaag. Aan die ander kant: Omdat Gereformeerdes ontken dat die krag van die tekens in hulleself lê, wys ons die gedagte dat die tekens "op sigself ", feitlik outomaties, sou kon werk af. Omdat die krag van die tekens buite hulleself in Christus lê, is hulle gerig daarop om ons op te wek tot geloof in Hom. Wie nie glo nie, ontvang daarom nie die betekenis van die tekens nie omdat so iemand nie deel het aan Christus nie (vgl NGB Art 35).

3.2.5 Liturgie

Liturgie is ´n uitdrukking van hoe ´n kerk die evangelie verstaan. Daar kan dus verwag word dat verskillende geloofstradisies hulle liturgie ook verskillend sal inklee. Dit word ook soms in die boustyl van hulle kerke gereflekteer.

Die Gereformeerde tradisie is ´n "**hoor-tradisie**" en plaas groot klem op die lees en uitleg van die Bybel. ´n Mens kan dus verwag **dat prediking** - kontekstuele Skrifuitleg - ´n **sentrale moment** in die erediens sal wees.

Dis egter nie die enigste manier om die Bybel "aan die woord" te stel nie: Liedere, gebede en getuienisse versterk die rol van die Bybel. Die sakramente met tekens van water, brood en wyn is ook "sigbare Woord". Die

belydenisse en belydenisskrifte stem met die Woord ooreen, en behoort integraal deel van elke erediens te wees.

Weens ons oorsprong is Gerefromeerdes effe huiwerig vir ´n oormatige fokus op rituele, simbole, en beelde. Waar sulke simbole (bv. kruise, kanselklede aangepas by die kerklike jaar) of rituele (salwing, uitsending) egter op visuele manier die Woord bevestig en versterk, pas dit in die groter geheel dat God hier met sy kinders op verskillende maniere praat.

Verantwoordelike liturgiese vernuwing – wat byvoorbeeld ander begeleidingsinstrumente en nuwe liedere in die idioom van die tyd betref – is wesenlik deel van die *semper reformanda* (voortgaande reformasie) en moet aangemoedig word sonder prysgawe van liturgiese middele wat die toets van die tyd deurstaan het.

Ter wille van ´n groter identiteit en eenheid, aanvaar Gereformeerdes dat die ontmoeting met God uit ´n paar kernelemente bestaan. Die lesing van die wet, skuldbelydenis, genadeverkondiging, voorbidding, lofprysing (en ander dimensies) ontvang dus elk ´n gepaste plek in die erediens soos deur die Skriflesing vereis. Vaste formuliere en *credo's* is nie dwangbuise nie, maar is juis daar om aan ons verband met mekaar en die groter ekumeniese kerk uitdrukking te gee.

Gereformeerdes plaas groot klem daarop dat die erediens God vereer. Hierdie ervaring met God moet ons aanspoor en versterk om elke dag in diens van die koninkryk te lewe.

3.2.6 Koninkryk

Gereformeerdes het altyd ´n oog gehad daarvoor dat die Koninkryk groter is as die kerk. God is nie `n afdelingshoof nie. Hy regeer oor die kosmos. Selfs al is die realiteit van die gebroke wêreld deurgaans teenwoordig, is daar ook orals tekens van die voorsienigheid en sorg van God sigbaar. Gelowiges het die roeping om orals tekens van die Koninkryk op te rig en vanuit die heerskappy van God te leef. Daarom word die begrip roeping nie vir sogenaamde geestelikes gereserveer nie en word arbeid as sodanig as roeping gesien. Met hierdie perspektief in gedagte is die piekniek saam met die gesin nie minder geestelik of minder belangrik as huisgodsdiens nie. Die misverstand dat genade en natuur teenoor mekaar staan, is goed deur die gereformeerde teologie bestry. Die genade staan nie teenoor die natuur nie, maar teenoor die sonde. Dit beteken dat genade die menslike natuur bevry. God wil dus nie hê dat ons al geesteliker word om sodoende ons menswees te onderdruk nie. Deur God se genadige betrokkenheid by ons word ons weer in staat gestel om egte mense te wees. Die Gees bevry ons van selfsug en selfgesentreerdheid en help ons om weer mens tussen mense te wees.

Daar is daarom ´n aardsheid en ´n natuurlikheid wat tipies is van gereformeerde vroomheid. Dit sou tipies gereformeerd wees om jou op ´n verantwoordelike wyse in die genietinge van die lewe te verlustig. Dit kan enige

iets wees van ´n piekniek by die dam tot ´n besoek aan die teater of dalk die worsteling om die waarheid by ´n Bybelstudiegroep. Piekniek én preke is nodig en deel van die lewe voor God.

Vir baie mense wat van buite na die gerefomeerde tradisie kyk, mag dit voorkom of die klomp gereformeerdes te veel hulle verstand gebruik en te nugter oor die Christelike lewe dink. Dié nugter styl van Christenwees kan waarskynlik aan die beklemtoning van die genade alleen toegeskryf word. Die genade maak mense nie onverskillig nie. Ons verstaan dit dan ook so dat ons onsself aan God gee as lewende offers op grond van sy ontferming oor ons. “Wat is meer gereformeerd as die hartstog vir die heerskappy van Christus oor elke duimbreedte van ons werklikheid? “ (W Jonker). Paulus verduidelik dan ook vir die gemeentes in Klein-Asië dat die genadige herskeppingswerk van God in Christus beteken dat ons bedoel is om “ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het”. Waar genade as genade verstaan word, rol mense die moue op om te werk.

3.2.7 Belydenisskrifte

In die NG Kerk word die standpunt gehandhaaf dat die erkende belydenisskrifte as gesagvolle uitdrukking van die gereformeerde geloofsoortuiging aanvaar moet word omdat (*quia*) hulle met die Woord van God ooreenstem. Hulle het gesag in die saak wat hulle volgens die Skrif wil bely. Die erkenning van die gesag van die belydenisskrifte sluit nie hulle wysiging en/of aanvulling uit nie, mits dit langs die ordelike kerklike weg van ´n behoorlik getoetste gravamen geskied.

Die NG Kerk besef dat die belydenisskrifte historiese dokumente is wat op meer as een manier die merktekens van die tyd waarin hulle ontstaan het, vertoon. Dié feit kan vir sommige in die kerk ´n struikelblok wees om hulle in die huidige omstandighede heelhartig te onderskryf. Tog is die erkenning van die historiese aard van die belydenisskrifte nie iets wat die gesag daarvan ondermyn nie. Trouens, ons aanvaar dan dat dieselfde verstaanreël vir die Bybel geld. Hoe dan nou anders met die Belydenisskrifte. Juis omdat die kontekstuele verstaan van die Bybel so belangrik is, is die Gereformeerde tradisie die enigste een waarin belydenisskrifte voorkom. Dis kerklike dokumente wat die kernwaarheid van die evangelie op gegewe momente uitspreek om die Bybel so te beaam en versterk. Die *Drie Formuliere van Eenheid* kom uit die Nederlandse Gereformeerde wêreld en in Suid-Afrika is die *Belydenis van Belhar* in 1986 as vierde
belydenisskrif van die destydse NGSK (nou die VGKSA) aanvaar. Daar is talle voorbeelde in ons geskiedenis van nuwe geloofsverklarings en belydenisse om dwalinge te bestry en die evangelie
vars te laat klink in veranderde omstandighede.

3.2.8 Mensbeeld

´n Sobere lewensuitkyk sou tiperend van Gereformeerdes wees. Soms word dit met ´n sombere

lewensuitkyk verwar. Veral die klem op die totale verdorwenheid van die mens word soms buite konteks verstaan as uiters negatiewe mensbeeld. Hierteenoor het gereformeerdes eintlik ´n baie positiewe en realistiese mensbeeld. Jy moet jouself sien soos God jou sien. Dit bring jou by ´n goeie en realistiese selfbeeld.

En wat is dan die inhoud van hierdie kennis van onsself? Uit die kennis van God as ´n genadige, regverdige, liefdevolle God, word die gelowiges opgeroep tot die verwondering oor die genade van die verkiesende God. **Juis dit beteken dat ons nie meer aan onsself behoort nie, maar aan God**. Daarom word die formulering "ons behoort nie aan onsself nie" dikwels in die gereformeerde belydenisse aangetref (vgl ook die antwoord op vraag 1 van die Heidelbergse Kategismus: dat ons nie aan onsself behoort nie, maar aan ons getroue Verlosser en Saligmaker, Jesus Christus). Dit beteken dus verantwoordelikheid en dissipelskap. Dit beteken dat ons met ons nuwe status moet leef as mense wat ook lief het, genadig is en geregtigheid soek.

3.2.9 Verbond

Die begrip "verbond" was nog altyd ´n besonder belangrike en bruikbare konsep om kort en eenvoudig die aard van die verhouding tussen God en mens te beskryf. Die eensydige aard van die verbond as iets wat deur God ingestel is, is net nog ´n wyse om die "genade alleen" te beklemtoon. Die totstandkoming van ´n verhouding tussen God en mens is alleen op grond van sy vrye guns alleen. Die uitwerking wat hierdie verbintenis op die lewe van mense het, bring die aspek van gehoorsaamheid na vore. Daar is altyd twee nie-gelyke partye in die verbond betrokke. Die genadige God roep mense op tot gehoorsaamheid.Verbondsmense wat aan God verbind is, lewe vanuit hierdie verbondenheid ´n nuwe lewe.

4. AANBEVELINGS:GEREFORMEERDE IDENTITEIT

4.1 Die Algemene Sinode aanvaar bostaande uitgangspunte as riglyn vir ons beskouing oor ons Gereformeerde identiteit.

4.2 Die Algemene Sinode versoek sinodes om hierdie dokument deur te stuur na kerkrade vir oriëntasie van die plaaslike bediening.